http://spilplus.journals.ac.za/

# DIE HEDENDAAGSE SIENING VAN DIE NORMERING VAN DUITS: 'N KORT OORSIG*

S. Skorge

## 0 *Inleiding*

In die hedendaagse Duitse taalkundige literatuur word vrae oor die normering van kommunikatief-gebruikte taal as van groot betekenis beskou. Die rede hiervoor is dat die gestelde vrae --- na my oordeel inderdaad --- moontlikhede bied om 'n beter insig te verkry in die komplekse aard van die wyses waarop talige kommunikasie en maatskaplike prosesse onderling samehang (Hartung 1977:7).

In hierdie stuk gaan ek bondig in op hoe taalnorme in die Duitssprekende lande --- en veral in die Bondsrepubliek --- gekonsipieer en gekritiseer word. Ek doen dit deur, aan die hand van 'n aantal van die belangrikste relevante publikasies, te kyk na

(a) aktuele ontwikkelingstendense,

(b) die resente geskiedenis van standaardisering wat die huidige situasie makliker verstaanbaar maak,

(c) die institusies, instansies en publikasies wat hulle tans besig hou met norme, die kritisering van norme (**Normkritik**), en taalversorging (**Sprachpflege**),

(d) normsekerheid en normtoleransie ten opsigte van die Duits wat as moeder- en vreemde taal in Suid-Afrika gebruik word.

Eers moet die inhoud van enkele begrippe egter verhelder word.

http://spilplus.journals.ac.za/



# 1 Begripsverheldering

## 1.1 Die normbegrip

Binne die kader van die sosiolinguistiek word "taalnorme" of "norme vir talig-kommunikatiewe gedrag" beskou as 'n deelversameling van die sosiale norme (Gloy 1980:364), as 'n spesiale klas sosiale norme (Hartung 1977:11) of as eksplisiete bepalings en normatiewe verwagtinge wat op die vorming, gebruikswyse en -oogmerke van taaleenhede betrekking het (Gloy 1980:364). Die hoofkenmerk van dié normbegrip is dat dit die kommunikatiewe gepastheid van taalgebruik (praat en skryf) voorop stel.

In teenstelling tot die sosiolinguistiese normbegrip is die taalsistematiese gerig op die taalsisteem. Laasgenoemde normbegrip dek die versameling van taalverskynsels wat voldoen aan die kriterium van grammatikale korrektheid en semantiese interpreteerbaarheid, insluitende dit wat deur hierdie kriterium voorveronderstel word (ibid.). Hartung se interpretasie van taalnorme kan as brug tussen *die* sosiolinguistiese *en* die taalsistematiese siening dien. Volgens dié interpretasie word norme van kommunikatiewe gepastheid gebaseer op die taalsistematiese norme wat die korrektheid van taalverskynsels --- en daarmee ook hulle konstantheid --- vaslê (ibid.).

## 1.2 Verskillende soorte taalnorme

Sekere taalreëls en reëlings berus op konvensies oftewel op uitdruklike ooreenkomste. Sulke *reëlings staan bekend* as "vasgestelde" norme[1] (Nerius 1980: 368) of "gestatueerde" norme (Gloy 1980:363) of "gekodifiseerde" norme. Dit is "uitgewerkte en bindende bepalings wat met betrekking tot bepaalde taalmiddele en kommunikasiegebiede deur verantwoordelike liggame of enkelinge neergelê word" (Nerius, ibid.), deels op grond van gegewe norme. Gegewe norme is norme wat nie *deur ingrypende* optrede *nie, maar* eerder *deur* 'n "geleidelik groeiende ooreenstemming" ontstaan het. Sulke norme kan in die verdere verloop van die taalontwikkeling gekodifiseer word, maar dit gebeur nie noodwendig nie. Gloy noem hierdie soort nie-geïnstitusionaliseerde norme **subsistent** (363). P. von Polenz onderskei tussen taalgebruike of -gewoontes[2] en taalnorm:

http://spilplus.journals.ac.za/



> "(Gewoontelike) taalgebruik en taalnorm is gedeeltelik komplementêr. 'n Gedeelte van die (gewoontelike) taalgebruik beantwoord nie aan die taalnorm nie, en omgekeerd. In laasgenoemde geval is daar sprake van 'n mikpuntnorm of 'n ideaalnorm." (Von Polenz 1972:79/80)[3]

Dit is juis die tipe norm waarteen die taalnormkritiek dit dikwels het (sien par. 5.2 hieronder).

Alle taalnorme is nie ewe bindend nie. In Duits is die spelreëls sonder twyfel 'n bindende norm; afwykings van die uitspraaknorm word daarenteen in die praktyk bale minder streng gesanksioneer. Vasgestelde norme (= normerings; vergelyk (Augst 1982:126)) soos die spelreëls, kan alleenlik deur middel van nuwe ooreenkomste en bepalings gewysig word (vergelyk spelreëlhervorming, par. 4.1 hieronder). Gegewe norme kan in en deur die taalgebruik verander, en kan eers in 'n relatief laat stadium gekodifiseer word. Dergelike norme kan selfs deur "taalhandhawers" beveg word.

## 1.3 Toepassingsgebiede van die norme

Die toepassingsgebiede van die norme is die verskillende bestaansvorme van die Duitse taal (vergelyk **Deutsche Sprache** 1983:382 en later), terminologie soos gebruiklik in die Duitse Demokratiese Republiek of in alle subtale van die Duitse taalgemeenskap (Jäger 1980:377), terminologie soos gebruiklik in die Bondsrepubliek.

Die geheeltaal, soos dit tans daaruit sien, kan ruweg in 'n aantal bestaansvorme ingedeel word. Elke Duitssprekende deel in 'n mindere of meerdere mate in elk van hierdie bestaansvorme, en die grense tussen die vorme is vloeiend:

---- geskrewe (en gesproke) standaard-/literatuurtaal[4]

---- standaardtaal-gerigte omgangstaal (alledaagse taal)

---- omgangstaal[5]

---- dialek-gekleurde omgangstaal

---- dialek

Elkeen van hierdie bestaansvorme van die Duitse taal het gegewe norme, en die sprekers daarvan beskik oor 'n toepaslike normkennis. Hierdie kennis is op sekere sinjaalagtige kenmerke gerig (**Deutsche Sprache** 1983:384). "Die

http://spilplus.journals.ac.za/



regulatiewe funksie van die norm word uitgeoefen deur die literatuurtalige norm aan die een kant en deur die streeksnorm aan die ander." (ibid. 384). Tussen dié twee pole staan die omgangstaal wat voldoen aan 'n gebruiksnorm en gekenmerk word deur 'n groter variasiespektrum (-vryheid). Die literêre of standaardtaal en die streekstaal stem ooreen ten opsigte van hul sterker (norm)gebondenheid (**Fixierung**), terwyl streeks- en omgangstaal daarin ooreenstem dat hul albei aan gebruiksnorme beantwoord, in teenstelling met die gekodifiseerde norm van die standaardtaal. Met kodifisering bedoel ons in hierdie verband die "eksplisiete neerlegging of die in reëls verwoorde optekening van die norm" (Nerius 1980:368), en wel in woordeboeke, grammatikaboeke, taalhandboeke en soortgelyke werke. Dit word waargeneem deur institusies en deels ook deur invloedryke enkelinge soos leksikograwe, grammatici, skrywers. (Sien par. 2 en par. 3 hieronder.)

## 1.4 Geldigheidsgebiede van norme

Die volgende onderskeidings word gewoonlik ten opsigte van taalvlakke getref:

| | |
|---|---|
| Fonologiese vlak: | uitspraaknorm |
| Grafiese vlak: | spelling (ortografie), insl. interpunksie (leestekens) |
| Morfologiese en Sintaktiese vlakke: | grammatikale norm |
| Stilistiese en Tekssoort vlakke: | stilistiese norm, insl. funksionaalstyle |
| Pragmatiese en Taalgebruiksvlakke: | pragmatiese norm (gepastheid in die situasie) |

Sommige van die norme, veral die eersgenoemdes, gee uitdrukking aan die linguistiese taalnormbegrip en is eerder gemik op korrektheid (korrek vs. vals, reg vs. verkeerd), terwyl die pragmatiese norm eerder afmik op die gepastheid (adekwaatheid) van taalproduksie in sy afhanklikheid van die situasie en van die kommunikasiedoel en -inhoude (vergelyk Gloy 1980:365).

http://spilplus.journals.ac.za/



presies hoe die standaardisering oftewel kodifisering van die Duitse taal ten opsigte van die verskillende geldigheidsgebiede teweeggebring is, sal in 'n kort oorsig aangetoon word. Weens gebrek aan ruimte word slegs hooftendense genoem. (Besonderhede ten opsigte van die grammatika, die woordeskat en die stylleer kan ongelukkig nie behandel word nie.)[6]

## 2 Beknopte historiese oorsig oor die standaardisering (kodifisering) van die Duitse standaardtaal

Drie aspekte van die ontwikkeling van norme ten opsigte van die Duitse taal is besonder noemenswaardig in vergelyking met ander Europese nasionale tale (byvoorbeeld Engels en Frans):

(a) die (histories gesproke) relatiewe laat ontstaan van die Duitse (hoog)/standaardtaal

(b) die feit dat standaardisering eerder aansluiting gevind het by die akademiese en skryftaal, en nie soseer by die omgangs- en spreektaal nie

(c) die vername rol wat "private" inisiatief gespeel het in "taalhandhawing" en normontwikkeling. In teenstelling hiermee het die vroeër staatkundige sentralisasie van ander Europese lande gelei tot die stigting van (nasionale) institusies wat take soos taalversorging en normgewing kon waarneem.

In vergelyking met ander Europese lande was omstandighede aan die begin van die "frühneuhochdeutsche" tydperk uiters ongunstig vir die ontstaan van 'n Duitse eenheids- of gemeenskaplike taal. Duitsland het geen toonaangewende politieke of kulturele hoofstad of sentrum gehad nie.

Eerste mylpale op die weg na 'n algemeen-verstaanbare openbare en publisiteitstaal in die vroeë 16de eeu was

(a) Luther se taalgebruik in sy Bybelvertaling en ander geskrifte;

(b) die "vroegburgerlike Duits"[7] van die 16de eeu - 'n term wat beskou moet word as 'n "versamelnaam vir alle aanlope tot 'n algemeen-verstaanbare nasionale taal wat sou voldoen aan die vereistes van praktiese, alledaagse openbare kommunikasie" (Von Polenz 1983:3).

http://spilplus.journals.ac.za/



Die betekenis van Luther vir die uitbou van die Duitse taal word reeds lank erken en na regte waardeer:

> "Hoewel Luther geen taalreëls opgestel het nie, het sy taal(gebruik) 'n normatiewe krag gehad. Sy tekste kan vergelyk word met 'n moderne massamedium." (Stedje 1979:126)

Taalkundig het Luther gestrewe na 'n volksverbonde, algemeen verstaanbare taal. Sy "uitspraak 'dat hy in die Duitse taal nie 'n bepaalde, besondere taal gebruik nie, maar van die algemene Duitse taal' verwys nie na die oorbrugging van streeksverskille nie, maar na die strewe na algemene verstaanbaarheid" (Von Polenz 1982:6, volgens Eggers en Werbow). Die betekenis van die vroeë pamfletliteratuur word egter eers in die jongste tyd deur navorsers beklemtoon en ondersoek. As media van praktiese, openbare alledaagse kommunikasie was hierdie pamflette nie slegs tot 'n leser gerig nie, maar ook aan 'n "voorleser" wat dit moes voordra. Ooreenkomstig die funksie van hierdie geskrifte was die styl volksgebonde en spreektaalagtig.

Die vroegburgerlike publisiteitsduits (**Gemeindeutsch** = gemeenskaplike Duits) het dus reeds 'n ontwikkelingstendens na die gebruiksnorm getoon, dit wil sê 'n norm ooreenkomstig die funksionele vereistes van die taalgebruiksituasie. Dit is egter eers weer die grootstedelik-burgerlike Duits van omstreeks die middel van die 19de eeu wat by hierdie tradisie aansluit: "Duits vir iedereen in die openbare daaglikse lewe" (Von Polenz 1983:18).

Die drie eeue wat ondertussen verstryk het, het die ontstaan en vestiging van die grootburgerlike "kultuurduits" of "opgevoedheidstaal" (**Bildungssprache**) gesien. Die volgende ontwikkelingsstadia en invloede kan onderskei word (in aansluiting by Von Polenz (1982)):

(a) Latyn bly nog minstens twee eeue lank die prestigetaal van die geleerdes en van die heersende klas;

(b) die Latynse taal en die plaaslike bestuurstale (**Kanzleisprachen**)[8] (veral die Keursaksiese bestuurstaal en dié van die **Reichsabschiede**) het die ontwikkeling van konstruksies begunstig waarvoor die Duitse taal nog lank berug sou wees: omramingskonstruksies, substantiverings en samevoegings;

http://spilplus.journals.ac.za/



(c) die invloed van die taalgenootskappe[9] en die ontwikkeling van 'n Duitse taalstyl deur geleerde skrywers soos Opitz en Gottsched.[10] Die geleerde aard van die taalnormering het nie net 'n navolging van die Latynse *voorbeeld* beteken nie, maar ook 'n strewe na sistematiese taalkorrektheid en eenvormigheid. Hierdie strewe het gewoonlik aangesluit by en voortgebou op tendense wat reeds in die Duitse taalstrutkuur bespeurbaar was, soos byvoorbeeld die Umlaut as meervoudsaanduiding, kongruensie van genus (geslag), kasus (naamval), persoon en numerus (getal) *binne* die sin, die gebruik van die prefiks ge- vir die verlede deelwoord, ensovoorts (vergelyk ook (Von Polenz 1964:71-72));

(d) die gebruik van Frans as 'n tweede laat-feodale prestigetaal --- en as 'n bykomstige sosiale onderskeidingsmiddel! --- deur die Duitse hoër klasse tydens die absolutisme. Hierdie gebruik van Frans het origens nog tydens die 17de en 18de eeu die ontstaan van 'n gesproke Duitse "hoogtaal" of "verhewe taal" aan die absolutistiese howe verhinder. Soos uit 'n vergelyking met die Engelse en Franse taalontwikkeling blyk, was die voorbeeld van so *'n verhewe spreektaal* onder die absolutisme 'n historiese vereiste vir taalstandaardisering.

In ooreenstemming met die hoërklas-diglossie het die Duitse eiendoms- en opvoedingsbourgeoisie (**Besitz- und Bildungsbürgertum**) in die 18de eeu 'n diglossie-agtige verhouding opgebou tussen 'n Duitse "geleerde taal" en die volksdialekte. Danksy hul opvoedkundige *voorregte* het die burgerlikes in *die laat-absolutistiese tydperk* wel 'n sekere administratiewe en akademiese invloed verwerf, maar geen politieke gesag nie. Om te vergoed vir die politieke tekortkomings het die burgerlikes hul werkywer en vermoëns ingewerp in die etiek en die godsdienstige filosofie, die poësie, kuns en musiek.

> "So het Duitsland die land van die piëtisme geword, die land van die Duitse idealisme en van die taamlik onpolitiese literêre bloeitydperk van die klassisisme..."

> "Die burgerlike geesteskultuur --- en tesame daarmee die burgerlike opvoedingstaal (Bildungssprache) --- het al hoe meer verwyderd geraak van die alledaagse politiek. Dit is verhef tot prestigesimboliek en kultuurelitisme. Sodoende het die burgerlike kultuurtaal nie soseer die doel van intersosiale kommunikasie gedien nie, maar eerder die kulturele selfvertoon van 'n grootburgery wat geleidelik en met 'n historiese vertraging tot hoër klas opgestyg het." (Von Polenz 1983:15-16)

http://spilplus.journals.ac.za/



Hochdeutsch ("Hoogduits") was volgens Adelung[11] die taal van die hoër klasse van die "beskaafde deel van die nasie". Hochdeutsch was egter ook die taal wat op die lees van die klassieke digters geskoei is. Hierdie ontwikkeling het 'n hoogtepunt bereik in die Duitsklasse van die humanistiese Gymnasien (ekv. Gymnasium, akademiese hoërskole) teen die einde van die 19de eeu, waar die pateties-elitêre literêre styl van die Duitse klassissisme verpedagogiseer is: die eind- of ten minste die laagtepunt van hierdie tradisie was Schiller-imitasies en ontspanningsliteratuur (Trivialliteratur) (Courths-Mahler ens.). Hierdie laagtepunt was inderdaad ook 'n keerpunt: dit was die begin van die krisis van die Duitse "opvoedingstaal" (Bildungssprache), 'n krisis wat in 'n sekere sin vandag nog voortduur. As 'n vroeë gevolg van dié krisis het die skrywers voortaan geweier om met hul taalskeppings voorbeelde te lewer vir die geleerdheidsprestige van die burgerlike establishment (Von Polenz, volgens Mackensen 1983:17). Hulle het nou eerder toevlug geneem tot die alledaagse taalgebruik en later ook tot taalspel, taalvervreemding en taalbespiegeling (taalrefleksie). Dit was 'n afkeer van die eensydige beskouing van die Duitse taal as 'n geleerdheidstaal met prestigewaarde of as magsinstrument met 'n betreklik ontoegeeflike ideaalnorm. Aan die een kant het hierdie tendens noodwendig gelei tot 'n groter waardering vir en kennisname van die gebruiksnorme, dit is norme ooreenkomstig die verskillende kommunikatiewe situasies, lewensterreine en aanwendingsgebiede; aan die ander kant het dit egter ook taalbewaarders, -handhawers en -puriste op die toneel geroep wie se doemprofesieë en waarskuwings van <u>taaldekadensie</u>, <u>swak Duits</u> en so meer soms nog vandag gehoor kan word.[12] Von Polenz skets die huidige situasie soos volg:

> "Die veelvlakkigheid en veelvoudige funksionaliteit van taalnorme plaas vandag 'n vraagteken oor leë begrippe soos 'hoogtaal' (Hochsprache) en <u>goeie Duits</u>. Sulke leë terme skep misverstande wat alleen vermy kan word as 'n mens prinsipieel onderskei tussen daardie taalmiddele wat eens histories noodsaaklik was vir die grootburgerlike verkryging van prestige, maar wat vandag uitgediend is; en aan die ander kant daardie taalmiddele wat onontbeerlik is vir die openbare gesprekvoering, vir tegniese, wetenskaplike, joernalistieke of literêre taalgebruik of vir gesprekvoering (dialoog) op streeksoorkoepelende of selfs internasionale vlak --- taalmiddele dus wat daarom ook voortaan nog (op skool) geleer moet word as integrale deel van 'n doeltreffende standaardtaal." (Von Polenz 1983:18)

Hierdie opvatting van die taal as 'n sosio-kulturele veranderlike, as 'n sosiale middel ter bereiking van 'n sosiale doel ('n opvatting wat trouens al Leibniz[13] gehuldig het (Jäger 1980:377)), asook die gevoel dat daar iets vir die spreker gedoen moet word, en nie soseer vir die taal nie --- hier-

http://spilplus.journals.ac.za/



die twee gedagtes omlyn die huidige stand van die openbare diskussie. Meer hieroor in par. 5 hieronder.

## 3 Taalversorgende en taalkritiese instellings in die Duitse taalgebied

'n Sentrale instelling vir taalregulering, -beïnvloeding of -leiding het nooit in Duitsland bestaan nie.

### 3.1 Bondsrepubliek Duitsland (staatsinstellings asook nie-staatlike liggame)

In die Bondsrepubliek is daar teenswoordig 'n hele aantal staatlike sowel as nie-staatlike instellings wat taalversorging as hoof- of bytaak beoefen, "hetsy hul pogings betrekking het op die standaardtaal as kommunikasietaal (**Verkehrssprache**) van die openbare lewe, hetsy hulle taalleiding gee aan sekere seksionele groepe en ten opsigte van sekere afgebakende terreine" (Dieckmann 1980:512). Van hierdie instellings is die volgende die belangrikstes:

(a) Die **Institut für deutsche Sprache** (**IdS**) (Instituut vir die Duitse taal) in Mannheim, in 1964 gestig en met takkantore in Bonn, Kiel en Innsbruck. Die **Institut** stel hom die wetenskaplike ontsluiting en optekening van die huidige Duitse taal ten doel. 'n Deel van hierdie werk is die optekening van woordeskat (Kopies) uit koerante van die Bondsrepubliek en die Duitse Demokratiese Republiek, wat op 'n deurlopende basis gebruik word vir die vergelykende navorsing oor taalgebruik in dié twee state. Verder voer die **Institut** eie navorsingsprojekte deur en koördineer dié navorsingsprojekte in die binne- en buiteland. Die **Kommission für wissenschaftlich begründete Sprachpflege** (Kommissie vir wetenskaplik-gegronde taalversorging) gee uitdrukking aan die taalhandhawings-belange van die **Institut**. In opdrag van die **Institut** verskyn die tydskrif **Deutsche Sprache**, uitgegee deur Hugo Steger e.a. Die talryke publikasies van die Institut waarvan sommige periodiek verskyn, sluit die volgende in:

**Dokumentation Sprachwissenschaftliche Forschungsvorhaben** (dokumentasie van taalwetenskaplike navorsingsprojekte);

http://spilplus.journals.ac.za/



**Dokumentation Sprachwissenschaftliche Lehrveranstaltungen an Hochschulen der Bundesrepublik Deutschland, Österreichs und der deutschsprachigen Schweiz** (dokumentasie van taalwetenskaplike onderwysbedrywighede aan tersiêre inrigtings in die Bundesrepubliek Duitsland, Oostenryk en die Duitstalige deel van Switserland).

**Mitteilungen** (letterlik: Mededelings.) Verslae oor die IdS se werksaamhede en aanbiedinge. (Vol. 10, Febr. 1984, byvoorbeeld Aspekte van taalhandhawing);

**Dokumentation Textkorpora des neueren Deutsch. 1982.** (Dokumentasie van tekswoordelyste van die nuwere Duits). 1982.

(b) Die **Bibliographische Institut** (bibliografiese instituut) in Mannheim is 'n uitgewery was as 'n aandele-maatskappy (**Aktiengesellschaft**) bestuur word. Dit publiseer onder meer die **Große Duden**[14] en verskeie ander reekse (**Schülerduden, Schülerdudenübungsbücher; Das große Wörterbuch der deutschen Sprache in 6 Bänden, Deutsches Universalwörterbuch von A-Z**, ensovoorts), en verskaf inligting oor taalprobleme, onder andere ook aan private burgers. In 1955[15] het die **Kulturministerkonferenz** ('n staande komitee van die Bondsrepubliek se federale ministers belas met onderwys) teenoor die Dudenredaksie amptelik bevestig dat "in die geval van twyfel of onderskeid (...) die spelling in reëls wat in die 'Duden' gebruik word bindend (sal wees)" (aangehaal volgens (Augst 1982:131)). Hierdie sekerlik eenvoudige verskynsel, naamlik dat die norm van die standaardtaal oorgelaat word aan 'n private sakeonderneming, is in die jongste jare herhaaldelik deur taalwetenskaplikes gekritiseer (byvoorbeeld Augst, Von Polenz. Sien par. 4.3 hieronder). Hierdie kritiek is gekoppel aan die eis na 'n meer demokratiese prosedure van taalbeplanning en normverandering.[16]

(c) Die **Gesellschaft fur deutsche Sprache** (Vereniging vir die Duitse taal), opvolger van die **Allgemeine Deutscher Sprachverein**, (sien noot 9), en in 1947 gestig, is volgens sy handves 'n "polities onafhanklike vereniging ter handhawing en bestudering van die huidige Duitse taal" (Dieckmann 1980:512). Benewens sy hoofkantoor in Wiesbaden het die **Gesellschaft** negentien takkantore wat gemoeid is met taalversorging en -handhawing op plaaslike vlak. Die **Gesellschaft** publiseer die tydskrifte **Muttersprache** ("moedertaal") (sedert 1949) en **Sprachdienst** ("taaldiens"), verskaf inligting, stel memoranda op en hou die ontwikkeling van die amptelike taalgebruik dop, sedert 1966 selfs met behulp van 'n takkantoor by die **Bundestag** (laerhuis van die Bundsrepubliek se parlement) in Bonn. Die **Gesellschaft** bied ook taalkursusse vir belangstellende sakeondernemings aan.[17]

http://spilplus.journals.ac.za/



(d) Die **Deutsche Akademie für Sprache und Dichtung** e.V. (Duitse Akademie vir taal en digkuns) te Darmstadt is in 1949 in die beroemde Paulskirche in Frankfurt in die lewe geroep. Die akademie stel hom ten doel om die "versorging en handhawing van die Duitse taal in kuns en wetenskap, in die openbare en private taalgebruik te bevorder" (Dieckmann 1980:512). Die Akademie beskou homself nie as 'n onaanvegbare normgewende instansie in die tradisie van die groot gesaghebbende taalakademies van vroeër eeue nie. Die liggaam ag dit eerder sy taak om die groots moontlike aantal persone en instellings in die Duitse taalgebied te oorreed om voortdurend aandag te gee aan die gebruik van die Duitse taal en taalversorging deur sowel kritiek asook aanmoediging te bevorder (Weinrich 1982:8-9). Teen hierdie agtergrond is daar 'n taalnormkommissie gestig en 'n navorsingsprojek van stapel gestuur om die huidige geldige en gebruiklike taalnorme in die media, administrasie, onderwys en regswese te bepaal.[18] Daarbenewens beoefen die akademie kritiek op die taalgebruik in publikasies, veral deur middel van kort humoristiese taalsketse in dag- en weekblaaie. Verder verleen die Akademie ook jaarliks die Georg-Büchner-Preis aan 'n besonder verdienstelike Duitse skrywer (oftewel skrywer in Duits).

(e) Die **Goethe-Institut** ter bevordering van die Duitse taal en kultuur in die buiteland (hoofkantoor in Munchen), het talle takkantore in die binne- en buiteland.[19] Die **Institut** se hooftaak is onderrig in die Duitse taal aan volwasse uitlanders, tesame met die verspreiding van inligting oor sosiale en kulturele ontwikkelinge in die Bondsrepubliek. Hierdie kultuurpolitiese taak het die staat --- met behoud van sy oppergesag --- ten dele aan die **Institut** gedelegeer. Publikasies sluit in **Zielsprache Deutsch** (medeuitgewer), 'n tydskrif wat al geruime tyd by die Hueber-uitgewery in München verskyn, asook **Spracharbeit, Arbeitsmittel für den Deutschunterricht**, en die reekse **Werkhefte** en **Werkstattgespräche**.[20]

Die bogenoemde instellings is veral gemoeid met die openbare gebruik van die Duitse standaardtaal. Daarbenewens is daar nog 'n aantal inrigtings wat taalgebruiksleiding gee aan sekere belangegroepe en ten opsigte van bepaalde geldigheids- en kommunikasieterreine, byvoorbeeld die **Arbeitskreis für Rechtschreibregelung** (werkgroep vir spelreëls), wat van staatsweë ingestel is, die **Ausschuß Terminologie im Normenausschuß** (komitee vir terminologie van die taalnormkommissie) en dies meer (Dieckmann 1980:512-513).

http://spilplus.journals.ac.za/



### 3.2 Duitse Demokratiese Republiek

Vir amper elke genoemde instelling in die Bondsrepubliek is daar 'n ooreenstemmende inrigting in die D.D.R., wat egter almal as staatsinstellings bestuur word.

(a) Die **Herder-Institut** in **Leipzig** is die DDR se eweknie vir die Bondsrepubliek se **Goethe-Institut**, wat bykans dieselfde doelstellings het. Die **Herder-Institut** is gekoppel aan die Karl-Marx-Universiteit in Leipzig. Naas taalkursusse (eenjarige voorbereidingskursusse met die oog op vaktaalkwalifikasies) neem die Institut talle take waar ter uitbreiding van kennis van die Duitse taal in die buiteland. Sedert 1964 publiseer die **Institut** die tydskrif **Deutsch als Fremdsprache** met die bylae **Sprachpraxis**, asook 'n handboek met die titel **Deutsch - ein Lehrbuch für Ausländer** (Duits - 'n handboek vir uitlanders).

(b) Die eweknie van die **Bibliographisches Institut** in Mannheim is die VEB (**Volkseigener Betrieb** (Volkseie Bedryf)) **Bibliographisches Institut Leipzig**, waar 1984 reeds die 25ste uitgawe van die **Große Duden** verskyn het ('n woordeboek en riglyne van die Duitse spelreëls. 'n Verdere publikasie is die tydskrif **Sprachpflege** (taalversorging). Die **Duden**-redaksie het ook 'n diens ingestel wat die publiek van raad op taalkundige gebied bedien.

(c) Die **Deutsche Akademie der Künste** (Duitse Akademie vir die Kunste) in Berlyn het sedert 1950 'n **Sektion Literatur und Sprachpflege** (Afdeling vir Literatuur en Taalversorging) (Niekirch 1975:14).

(d) Die **Zentralinstitut für Sprachwissenschaft** (ZISW) (Sentrale Instituut vir Taalwetenskap) is 'n navorsingsinrigting wat sedert die sestigerjare bestaan en onder toesig van die **Akademie der Wissenschaften** staan. Met sy groot wetenskaplike personeel van ongeveer 200 medewerkers het die **Zentralinstitut** groot moontlikhede en lewer dit belangrike werk oor die probleemkompleks taal en maatskappy en taal en politiek. (Oor die normvraagstuk sien (Hartung 1977)). Navorsingsresultate verskyn ook in die reeks **Linguistische Studien** (Hellmann 1980:521, 526). Ook die **Wörterbuch der deutschen Gegenwartssprache**, wat ses volumes bevat en reeds voor die eerste volume van die **Duden Wörterbuch** afgesluit is, het onder leiding van Ruth Klappenbach en Wolfgang Steinitz by die **Zentralinstitut** verskyn.

http://spilplus.journals.ac.za/



### 3.3 Oostenryk

In Oostenryk bestaan daar die **Österreichische Gesellschaft für Sprachpflege und Rechtschreiberneuerung** (Oostenrykse vereniging vir taalversorging en spelreëlvernuwing) met sy mondstuk "die tribüne", asook die vereniging **Muttersprache**, wat die tydskrif **Wiener Sprachblätter** uitgee. Die **Duden** word in Oostenryk nie as bindend beskou nie.

### 3.4 Duitstalige (deel van) Switserland

In die Duitstalige deel van Switserland word die **Duden**-spelreëls amptelik as bindend erken. Die enigste uitsondering is dat die simbool ß vervang is deur die skryfwyse ss. Die **Deutschschweizerische Sprachverein** (Duits-switserse taalvereniging) publiseer die tydskrif **Sprachspiegel** (Taalspieël).

## 4 Ontwikkelingstendense in die verskillende geldigheidsgebiede

### 4.1 Spelling/ortografie

In 1901 is die spelreëls van die Duitse taal genormeer. Dit was die gevolg van die II. Ortografiese Konferensie in Berlyn, waaraan verteenwoordigers van die Duitse state,[21] Oostenryk en Switserland deelgeneem het. Uitgaande van die **Preußische Schulortographie** (Pruisiese skoolortografie)[22] het die afgevaardigdes 'n stel spelreëls uitgewerk wat deur alle Duitse state, Oostenryk en Switserland aanvaar is. Nie veel later nie is dié spelreëls bindend gemaak vir die onderwys.

Reeds die sewende uitgawe van die **Ortographisches Wörterbuch der deutschen Sprache** (Ortografiese woordeboek van die Duitse taal), dit is die uitgawe van 1902, is op die nuwe spelreëls van 1901 gebaseer. Daarna het die **Duden**-redaksie in Leipzig hierdie **Wörterbuch** as toonaangewende "woordelys en spelreëls" voortdurend verbeter en uitgebrei. Sedert die 2de Wêreldoorlog en die ontstaan van twee Duitse state word hierdie werk deur die twee Dudenredaksies in Leipzig en Mannheim waargeneem (Sien par. 3.2.2 en noot 12). In 1955 het die Bondsrepubliek se *ministers* belas met onderwys en kultuur[23] die Mannheimse **Duden** vir alle skole bindend verklaar ten opsigte van ortografie. Die Mannheimse **Duden** het ook bindend gesag ten opsigte van die Switserse skryftaal, en sedert die begin het dit reg laat geskied aan

http://spilplus.journals.ac.za/



eienaardighede van die Oostenrykse en Switserse taalgebruik. Naas die amptelik afgebakende terreine, wete taalklank en letter, hoofletter- en gewone spelling, leenwoordspelling, skeiding van lettergrepe, koppelteken en afkappingsteken dek die normering vandag ook die gebruik van leestekens en die los- en vasskryf van woorde (Duden-Grammatik [4]1984:67).

Die strewe na 'n ooreenkoms oor eenvormige spelreëls vir alle Duitstalige state het op die II. Ortografiese Konferensie absoluut voorkeur geniet bo oorwegings van gepastheid (van taalgebruik) en geskiktheid vir praktiese gebruik. Daarom is dit geensins verbasend nie dat daar reeds direk daarna pogings gevolg het om die spelreëls te verbeter. Die spelreëlhervorming is nog steeds 'n aktuele onderwerp, maar die praktiese uitvoering daarvan binne die afsienbare toekoms is onwaarskynlik, aangesien die taak baie ingewikkeld is. Die vraagstuk raak immers vier onafhanklike state wat tot 'n vergelyk moet kom om taalsplitsing te voorkom. Verder het die talryke, soms heftige besprekings ook taalwetenskaplike, pedagogies-sielkundige en ekonomiese oorwegings bygebring, benewens argumente wat slaan op onderwys-

.d.[24] Die debat word nog steeds oorheers deur die
ın hoofletters" ("gemäßigte Kleinschreibung"), dit
oofletters voortaan alleenlik aan die begin van 'n
die direkte rede ook vir voornaamwoorde van die
pronomina ="aanspreek-voornaamwoorde") gebruik sal
voorbeeld in die Wiesbadense aanbevelings (Wiesba-
.958 deur die Bondsrepubliek se Spelreël-Werkkring
ie ander Duitstalige state voorgelê. Die kommissie
iese Republiek het die aanbevelings aanvaar, die
nie tot 'n besluit kom nie, en die Switserse
van die behoud van hoofletters (soos dit tans nog

.alle omvangryke studies oor die onderwerp verskyn,
in die Duitse Demokratiese Republiek. Om reg te
ie optekeningsfunksie asook die ontsleutelingsfunk-
ıan Nerius uit van die volgende twee funksiegerigte

(1) ter wille van die maklike aanleer en aanwending van die skryftaal deur die gebruiker moet die skryftaal en sy reëls so eenvoudig as moontlik wees;

http://spilplus.journals.ac.za/



(2) Ter wille van spoedige ontleding en opname van inligting deur die leser moet die skryftaal so regstreeks en oorsigtelik as moontlik 'beteken'. (Althaus 1980:790).[26]

In hierdie verband kan die Duitse Demokratiese Republiek as avant-garde beskou word teenoor die meer konserwatiewe Duitstalige state, waar die hervormingsteenstanders intussen beter georganiseer is. Verteenwoordigers van die **Deutscher Philologenverband** (Duitse vereniging vir Filologie), die Professore-vereniging van Oostenryk en van die Vereniging van Switserse onderwysers aan akademiese hoërskole het 'n kommissie met die kenteken D-A-CH gevorm.[27] D-A-CH dring aan op die behoud van die huidige spelreëls.[28] 'n Artikel in die tydskrif **betrifft: erziehung** het die toestand kernagtig opgesom: **Rechtschreibereform auf Eis** (Spelreël-hervorming bevries).[29]

Teen dié agtergrond is dit maar 'n skrale troos dat die voorwoord tot die jongste uitgawe van die Spelreël-Duden (**Rechtschreibung-Duden**) die volgende versagtende omstandighede kan aanvoer ter verdediging van die ingewikkelde Duitse spelreëls, wat so ryk is aan uitsonderings:

> "Sonder eenvormige spelreëls kan ons kultureel en tegnies hoogs ontwikkelde maatskappy nie klaarkom nie. Daarom is dit vanselfsprekend dat die spelreëls geleer en (die toepassing daarvan) geoefen moet word. (Korrekte) spelling is egter nie 'n doel op sigself nie, nog minder is dit 'n maatstaf of indikator van begaafdheid of intelligensie. Onderwysers en leerlinge behoort hul dus te beywer vir 'n onbekrompe, realistiese waardeoordeel oor die belangrikheid van spelreëls. Die oormatige sanksionering van spelfoute moet teengewerk word, en spelreëls moet aangesien word vir wat dit werklik is: 'n geskikte middel om die skriftelike kommunikasie te vergemaklik."

### 4.2 Uitspraak/ortofonie

In teenstelling met die neerlegging van die Duitse spelreëls het die niestreeksgebonde ortofonie (vroeër: ortoëpie/**Hochlauting**) 'n relatief kort geskiedenis. 'n Begin is in 1898 gemaak met die verskyning van Theodor Siebs se **Bühnenaussprache. Deutsche Hochsprache** (Verhooguitspraak. Duitse "hoogtaal" ("verhewe taal")), wat sedert 1909 deur die **Genossenschaft Deutscher Bühnenangehöriger** (Beroepsorganisasie van Duitse verhoogkunstenaars) en deur die **Deutsche Bühnenverein** (Duitse Verhoogvereniging) amptelik erken en goedgekeur is. Hierdie normbepaling het oor die grense van die verhoogwêreld heen groot invloed op (en deur) die skole uitgeoefen.

http://spilplus.journals.ac.za/



Sedertdien het die spreekgewoontes baie verander (vinniger spreektempo, onpatetiese houding van die grootstadbewoner). Dieselfde geld vir die akoestieke en fisiologiese omstandighede van gesproke taalgebruik in media soos die radio, rolprent en televisie. Sedert die 19de uitgawe van 1969 lui die titel van Siebs se werk eenvoudig **Siebs - Deutsche Aussprache. Reine und gemäßigte Hochlautung** (Siebs - Duitse uitspraak. Suiwer en gematigde ("hoë") artikulasie). Op 'n meer grondliggende en radikale wyse het egter die **Duden** --- *sowel in die Bondsrepubliek asook in die Duitse Demokratiese* Republiek --- by die gebruiksnorm van die massakommunikasie aansluiting gesoek.

Die uitspraak van geskoolde radio- en televisiesprekers is die grondslag waarop sowel die **Wörterbuch der deutschen Aussprache** (Woordeboek van die Duitse uitspraak) (1981, Leipzig) asook die **Aussprache-Wörterbuch** (Uitspraakwoordeboek), Duden, Vol. 6 (1974, Mannheim) opgestel is. Ooreenkomstig *die feitelike en terminologiese* verskuiwing van **Hochsprache** ("Hoogtaal" of "Hoë taal") na **Standardsprache** (Standaardtaal) verwys die **Duden** nie meer na **Hochlautung** ("verhewe artikulasie") nie, maar slegs nog na **Standardlautung - Nicht-Standardlautung** (Standaarduitspraak - nie/standaarduitspraak). *Op grond van omvattende wetenskaplike studies van die* hedendaagse spreekgewoontes is kompromievorme van algemene geldigheid bepaal wat die empiriese spreekwerklikheid by benadering weergee, hoewel nie in al sy skakerings nie (veral nie die plaaslike of streeksafwykings nie). Dit is in ieder geval baie moeiliker om 'n norm vir die uitspraak neer te lê as vir die spelling. Belangriker as die norm is die oorweging dat die gesproke taal die beoogde kommunikatiewe, sosiale en estetiese doel bereik.[30]

Om taalhistoriese redes geld daar vir Oostenryk en Switserland sekere wysigings om die kloof te help oorbrug tussen die plaaslike taalgebruik en die amptelike ortofonie, wat grootliks deur die Noordduitse uitspraak beïnvloed is.

### 4.3 Grammatika

Die **Duden-Grammatik** (**Duden**-grammatika) (1984) wat toonaangewend is vir die Bondsrepubliek en die Duitstalige deel van Switserland is --- volgens die skrywers --- "'n omvattende uiteensetting van hoe die Duitse taal opgebou is, vanaf die taalklank oor die woord tot by die sin". Die hoofstukke oor

http://spilplus.journals.ac.za/



die woordsoorte (pp. 88-385), die woordbou of woordvorming (pp. 386-501) en die sin (pp. 559-755 beslaan die grootste deel van die werk. (Die jongste uitgawe bevat vir die eerste keer 'n hoofstuk **Der Buchstabe** (Die letter), wat ook die beginsels van skrywing of verskrifteliking dek).

Nog minder as die vroeër uitgawes maak hierdie jongste grammatika aanspraak op uitsluitlikheid of outoritêre bevoegdhede. Volgens die voorwoord van die samesteller Drosdowski dek die grammatika die hele terrein van die

> "gesproke en geskrewe Duitse standaardtaal. 'Standaardtaal' slaan hier op die nie-streeksgebonde en geïnstitusionaliseerde verkeers- en eenheidstaal wat die belange van die hele maatskappy dien. Binne die geheelkompleks van die bestaansvorme van die Duitse taal vervul hierdie standaardtaal 'n rigtinggewende funksie, omdat dit --- in teenstelling met die dialekte, die plaaslike omgangstale en die (seksionele) groepstale --- die draer en bemiddelaar van kultuur, wetenskap en politiek is en omdat dit in die literatuur, die media, skole, universiteite en kerke en op alle ander terreine van die openbare lewe gebruik word. Natuurlik bestaan daar tussen die standaardtaal en die ander verskyningsvorme van die Duitse taal geen hermetiese skeidsmure nie; daar is talle voorbeelde van wedersydse beïnvloeding, en die grammatika verwys na hierdie gevalle. Die standaardtaal word gekenmerk deur sy toenadering tot die skryftaal, maar kan nie daaraan gelykgestel word nie. Teenoor die 19de eeu het die standaardtaal nie alleen 'n veel wyer basis verkry nie --- vandag deel alle lae van die bevolking daarin --- maar dit het ook in toenemende mate 'n gesproke taal geword. Hoewel die geskrewe en die gesproke standaardtaal op verskillende situatiewe omstandighede reageer en veral op die gebied van die sintaks 'n aantal verskille toon, stem dit (geskrewe en gesproke standaardtaal) tog grootliks ooreen ... Die taalsisteem is nie homogeen of stabiel nie; die Duden-grammatika se gedifferensieerde uiteensetting ooreenkomstig die verskillende strukturele bepaaldhede (van taalgebruiksvorme) asook die werk se ope norm is 'n poging om reg te laat geskied aan daardie eenvoudige feit. Die **Duden**-grammatika is veral beskrywend van aard, dit dek die breë spektrum van die gebruiklike en verswyg die mededingende woordvorme of gebruike nie, maar probeer om die verskille te verklaar; dit probeer verhoed dat daar 'n kloof oopbreek tussen die taalgebruik en die gekodifiseerde norm."

In die lig van sy preskriptiewe tradisie sou dit egter ook nie vergesog wees nie om te verwag dat die **Duden**-grammatika normonsekerhede moet opklaar om die uiteenstrewende (sentrifugale) kragte in die taal teen te werk, voeg Drosdowski by:

http://spilplus.journals.ac.za/



> "Die Duden-grammatika lei die legitimasie van hierdie optrede af uit die oortuiging dat 'n taalgemeenskap behoefte het aan 'n taal wat oor streeks-, sosiale, beroeps- en ander grense heen verstaanbaar is en op skool onderrig en aangeleer kan word. Om taalbeheer te bevorder en 'n bewuste en kreatiewe taalgebruik aan te moedig, is *immers nie maar net* 'n ondergeskikte doelstelling van die Duden-grammatika nie."

Die basiese houding is dus: dit is die funksie van die taal om grense en hefbome te oorskrei, en nie om dit op te rig nie, soos vroeër soms die geval was; en die funksie van die grammatika is nie om te vernou of in te perk nie, maar om skeppende taalgebruik te bevorder. Hopelik neem taalonderwysers kennis van hierdie boodskap; want die verantwoordelikheid vir 'n alte geredelike negatiewe sanksionering berus dikwels nie by die grammatici nie, maar by bevooroordeelde en onverdraagsame onderwysers, wat op die keper beskou tog maar weer 'n ideaalnorm voorstaan.[31]

Juis omdat die tradisie so magtig is, bestaan daar 'n behoefte aan 'n wettige, gelegitimeerde en demokratiese prosedure om norme te verander. En normverandering is noodsaaklik waar --- veral deur die gebruik van die massamedia --- so 'n geweldige uitbreiding en verspreiding van die standaardtaal (of ten minste die passiewe kennis en gebruik daarvan) plaasgevind het. Reeds op die **Deutsche Akademie für Sprache und Dichtung** (Duitse Akademie vir taal en digkuns) se colloquium oor "Skole vir 'n goeie taalgebruik" 1981 in Würzburg het Augst so 'n normverandering bepleit en die genoemde redes aangevoer.

Augst se voorstel was dat die **Duden**-redaksie 'n raadgewende liggaam moet kry wat veral diegene verteenwoordig wat die norm wil verander. Hierdie raad moet toegang verkry tot die **Duden**-redaksie se materiaalversameling. Oor die grondslag en samestelling van hierdie versameling moet daar bowendien opnuut sorgvuldig besin word, omdat die keuse en samestelling van die materiaal die bevindinge wesenlik beïnvloed (gevaar van die normatiewe sirkel) (ibid., p. 133).

Met 'n verwysing na die Praagse funksionaliste ("elastiese stabiliteit" vir die literatuurtaal) het Augst gepleit vir 'n "stabiele elastisiteit", en in plaas van oordele soos reg--verkeerd stel hy die volgende formulerings voor vir die beoordeling van alternatiewe gebruiksvorme: die vorm is gebruiklik/word intussen aanvaar; oorweeg tans nog, maar word geleidelik vervang:

http://spilplus.journals.ac.za/



is produktief/onproduktief; word meer gebruiklik/minder gebruiklik, ensovoorts (ibid., p. 134).

As 'n moontlike voorbeeld van 'n "demokratiese normformulering" wat geskik sou wees vir 'n "grammatika van variasievorme" (**Variantengrammatik**) noem Augst die volgende:

> "Die imperatief-vorm van 'essen' varieer in die taalgebruik: 'Iß ' is die ouer, meer skryftalige vorm, 'Eß ' is die nuwer, meer omgangstalige vorm, wat egter ook al dikwels in die skryftaal aangetref word." (ibid., p. 135)

Dit wil voorkom of Augst se vermanings op vrugbare bodem geval het:

(1) Wetenskaplikes van buite die geledere van die maatskappy is uitgenooi om mee te werk aan die 4de uitgawe van die **Grammatika-Duden** (Augst self het die nuwe hoofstuk, 'Der Buchstabe' ('Die letter') geskryf in die trant van 'n baie juiste en normverdraagsame didaktiese handleiding oor skryf.)

(2) Selfs ná deeglike studie het ek nêrens in die grammatika die oordeel verkeerd aangetref nie, en baie selde die oordeel nie korrek **nie** (byvoorbeeld par. 1025: Standaardtalig is hierdie gebruik nie korrek nie.). Meer dikwels is die oordeel reg, korrek, dus nie..., maar wel...; ... behoort 'n mens te vermy (byvoorbeeld par. 1161); minder goed (byvoorbeeld par. 612); minder mooi taalgebruik (byvoorbeeld par. 1209); lyk/klink soms minder mooi ... beslis omgangstaal (byvoorbeeld par. 1211); dan moet 'n mens, om misverstand te vermy ... (byvoorbeeld par. 1144).

(3) Die **Grammatika-Duden** vestig die aandag op variasies (byvoorbeeld par. 1158) en op afwykings van die basiese reël (**Grundregel**).

(4) Daar word gewys op ontwikkelingstendense: byvoorbeeld

- --- vermindering van die deklinasie by die sogenaamde swak manlike selfstandige naamwoorde
- --- verlies van die e/i-oorskakeling in die imperatief-vorm in die enkelvoud
- --- *die weglating van die genitief* **-s** kan tot in die literatuur waargeneem word
- --- relatiewe partikels word verdring deur relatiewe voornaamwoorde in verbinding met 'n voorsetsel (par. 1211).[32]

http://spilplus.journals.ac.za/



(5) Kommentaar soos "besig om te verouder" of "is tans die oorheersende vorm" word gelewer.

1980 het Jäger nog gekla (pp. 378/9) dat die voorbeelde in normatiewe grammatikas uit die werke van skrywers geneem word wat *min of meer in die klassieke tradisie staan, maar dat* skrywers soos Grass en Brecht geïgnoreer word. Ook in hierdie opsig berus die nuwe Duden-grammatika op 'n breër grondslag, hoewel die groot aantal voorbeelde uit die werke van Thomas Mann nog steeds opval.

Enige poging om statistiese gevolgtrekkings te maak of statiese reëls neer te lê, word bepaal deur die keuse van die materiaal wat ondersoek word: hoe dikwels moet 'n sekere verskynsel of 'n sekere afwyking van die reël voorkom om as "normaal" aanvaar te word? Dit lei terug na Augst se argument: alleen wanneer die materiaalversameling openlik uiteengesit en verduidelik word, is dit moontlik om die objektiewe of subjektiewe aard van besluite te beoordeel.

## 4.4 Stilistiek

Binne die raamwerk van hierdie kort oorsig is dit onmoontlik om breedvoerig in te gaan op ontwikkelingstendense ten opsigte van die orige geldigheidsvlakke wat in par. 1.4 genoem is. (Daarom noem ek probleme van die normering van woordbou en woordskepping nie in hierdie verband nie, maar slegs in par. 5.2.2).

As produsent van 'n hele aantal verskillende tekssoorte kan elke taalgebruiker die middele en moontlikhede van die Duitse taal (in sy huidige vorm) oorskou en dit stilisties en tematies funksioneel (dit wil sê ooreenkomstig die vereistes van stylvlak en saakverwysing) gebruik, om sodoende die kommunikasiedoel te bereik. Dit geld veral ten opsigte van die stilistiek. In hierdie verband neem die <u>nie-fiktiewe prosa</u> (Sachprosa) 'n besondere plek in. Die waarde-oordeel "goeie of swak Duits" is hier nog minder van pas as ten opsigte van uitspraak, ortografie en grammatika.

> "Die hoogste en oorkoepelende vereiste is die gepastheid van die betrokke styl: dit geld sonder uitsondering vir elke teks. 'n Teks voldoen aan hierdie vereiste as sy taalvorm aan sy funksie beantwoord --- en hierdie funksie is 'n nie-talige faktor".[11]

http://spilplus.journals.ac.za/



vir die nie-fiktiewe prosa beteken dit veral: afbakening teenoor die kunsprosa, die daaglikse gesproke taalgebruik asook teenoor oorlewende stilistiese norme van die verlede. Die nie-fiktiewe prosa, wat hoofsaaklik skriftelik ontwikkel en gebruik word, "is die kollektiewe produk van spesialiste wie se belangstellings nie filologies nie, maar wel wetenskaplik was (in 'n verskeidenheid van rigtinge), en hulle het met sukses die doelmatige in die voorraad van die taal gesoek" (Möller 1980:26-27).

Hierdie spesialiste verskaf modelle, meesal via die massamedia, en hul taalgebruik verkry voorbeeldfunksie, nie alleen ten opsigte van die woordeskat of vakterminologie nie, maar ook ten opsigte van gebruiklike formulerings en sintaks. Die voordeel van hierdie soort doelgerigte uitdrukkingsvorms is veral die spoedige oordrag en/of verkryging van kennis; moontlike nadele is die onnadenkende, onkritiese gebruik van "voorvervaardigde taalstukke" wat vervlak tot stereotipes, 'n verlies van uitdrukkingsrykheid en van individuele uitdrukkingsvorms. Sommige van hierdie probleme word genoem in die bespreking oor die openbare taalgebruik in par. 5.

## 5 Openbare taalgebruik en taalnormkritiek

### 5.1 Terreine van die openbare taalgebruik

Die drie terreine van die openbare lewe wat van die grootste belang is vir die behoud en/of verbreding van die gebruiksnorm as geldige norm (**Duden-Grammatika**: 510), is die volgende:

(i) die massamedia (koerante, radio, televisie) en hul verteenwoordigers, veral die joernaliste;

(ii) die administrasie en justisie met hul verteenwoordigers, naamlik die staatsamptenare en regsgeleerdes;

(iii) die skole, dit wil sê die onderwysers wat --- ongeag hul vakgebied --- ook altyd Duitsonderwysers is.

#### 5.1.1 Massamedia

Die massamedia word lank reeds deur hul gebruikers beskou as modelle van openbare taalgebruik. As verspreidingsinstrumente van die standaardtaal het

http://spilplus.journals.ac.za/



die massamedia selfs groter belang verwerf as die skole, ten minste ten opsigte van die passiewe kennis van die standaardtaal.

Die taalgebruik van die groot media verdien oor die algemeen nie die etiket "swak Duits" nie, as hierdie term verwys na 'n taalgebruik met baie normoortredinge of normverbrekings. Hieroor was die deelnemers aan die eerste **Akademie-Kolloquium** wat die bogenoemde publikasie voorafgegaan het, dit eens. Volgens Weinrich (1982) is die probleem dus nie dat "swak Duits" in die media gebruik word nie, maar wel dat die passiewe taalgebruiker oorstroom word met 'n soort "fluweelglanstaal vir kitsgebruik", waarin selfs die "mees onnosele slagspreuke ... hul domastrantheid kan verberg agter die masker van grammatikale korrektheid". As teenvoeter moet daar --- veral in die skole --- 'n ander vorm van Duits beoefen en gekoester wor,d 'n kragtiger, maar *ook meer gedifferensieerde* taal, 'n Duits wat by tye ook growwer en minder verfynd kan wees --- 'n taal dus waarmee 'n mens ook dinge kan sê wat nie reeds 'n honderd keer gesê is nie. "Die letterkunde (...) is die mees betroubare bron van dié soort Duits" (ibid.). Sodoende kan die skrywers soos vroeër as voorbeelde geld, maar onder heeltemal ander omstandighede en met ander voorveronderstellings as vroeër.

### 5.1.2 Administrasie en justisie

Die plaaslike ampstale van die Duitse Ryk in die laat Middeleeue en in die 15/16de eeu het baie bygedra tot die ontwikkeling van 'n algemeen-gebruiklike en algemeen-verstaanbare "hoogtaal". Daarenteen word die taal van die staatsdiens en die justisie vandag as vaktaal beskou wat 'n hoog gespesialiseerde abstraksie en juistheid nastreef ten koste van 'n algemeen-verstaanbare karakter. 'n Verandering in die kommunikasiegewoontes van burgers binne en buite die administrasie sou net kon plaasvind op grond van 'n taalhervorming, gepaard met 'n hervorming van optrede en verhoudinge.[34]

Nietemin is daar vandag nog amptelike taalgebruiksbepalings wat die taalgebruik beïnvloed en selfs geldige norms kan word.

http://spilplus.journals.ac.za/



### 5.1.3 Skole

Op die 3. Kolloquium van die **Deutsche Akademie für Sprache und Dichtung** ("Duitse Akademie vir taal en digkuns") is daar aspekte van taal- en normoorlewering op skool bespreek. Weinrich (1982) het die hoofpunte van die bespreking in sy inleiding tot "Der öffentliche Sprachgebrauch III" ["Die openbare taalgebruik III") opgesom. Daarvolgens het die taalnormprobleem ten opsigte van die skole nie soseer te doen met die oorlewering van "normfeite" en normvariasies nie, maar hang eerder saam met die volgende aspekte:

(1) die verhouding tussen die "algemene gemeenskapstaal" (Duits: **Gemeinsprache**) en die verskillende vaktale: "Kan ons op skool die vaktale op so 'n wyse behandel en gebruik, dat hierdie tale toeganklik bly vir 'n ouderdomsgeskikte vorm van lewenservaring, belangstelling en nuuskierigheid?" (11);

(2) die emosionele aspek van taalnormverwerping (deur skoliere) as deel van 'n bewustelike en uitdagende verwerping van norme oor die algemeen, en --- daarmee samehangend --- die gebruik van 'n subkulturele seksionele taal (*Sondersprache*) in die skole;[35]

(3) die handhawing van <u>goeie</u> Duits, want <u>korrekte</u> Duits is nie noodwendig altyd <u>goed</u> nie (sien par. 5.1.1).

### 5.2 Taalnormkritiek

Taalnormkritiek is byvoorbeeld hoofsaaklik gerig teen diegene wat norme wil beskou as deel van 'n gedragskode, soos byvoorbeeld tafelmaniere, kleredragreëls, ensovoorts. Volgens dié beskouing dien taalnorme die doel om tussen sosiale groepe te onderskei (en te diskrimineer), maar dien dit nie die belange van die taalgebruikers of van die taal self nie (Meisel 1971:12). Kritici van hierdie soort normbeskouing verwerp ook 'n sekere "taalvervalsideologie" (taaldekadensie-ideologie) wat dikwels daarmee gepaard gaan (P. Von Polenz 1972, 1973, 1977 e.e.). Taalnormkritiek bestaan nog nie as 'n afsonderlike linguistiese dissipline nie (Von Polenz 1973:153). Dit hoort --- volgens Von Polenz --- tot die toegepaste taalwetenskap en is in 'n aantal artikels deur Peter Von Polenz, Augst, Meisel, Jäger en vele andere beoefen. Von Polenz meen dat Duitsonderwysers

http://spilplus.journals.ac.za/



op grond van 'n goeie linguistiese en sosiolinguistiese opleiding behoort deel te neem aan taalnormkritiek, veral wat betref

(i) die normatiewe beperking (restriksie) van vrye variasie en

(ii) beperking (restriksie) van dele van die taalsisteem (**Sprachsystemteile**) (Von Polenz 1973).

### 5.2.1 Normatiewe beperking (restriksie) van vrye variasie

Vrye variasie is volgens Von Polenz en Lyons

> "die alternatief tussen twee verskillende realiserings van 'n taaleenheid wat ten opsigte van die uitdrukkingsaspek van die taal van mekaar verskil, terwyl die keuse van een van die twee variasievorme nie gepaard gaan met 'n betekenisverskil ten opsigte van die inhoudelike aspek nie" (ibid.:151).[36]

Met watter konnotasies elk van die variasies verbind word, word nie bepaal deur die taalsisteem nie, maar wel deur die taalgebruik oftewel die taalnorm. Die voorbeeld van die r-allofonie in Duits bewys dat die normatiewe voorkeur vir die alveolêre r nie die streeksgebruik van die uvulêre r kon verdring nie. In die geval van die werkwoord **brauchen** berus die navolging of die oortreding van die normatiewe gebruik **brauchen** + **zu** eerder op 'n generasieverskil: ouer taalgebruikers respekteer gewoonlik hierdie norm in hul taalgebruik, terwyl jonger sprekers **brauchen** sonder **zu** gebruik. Volgens hierdie taalgebruik deur jonger sprekers word **brauchen** tot die groep modale hulpwerkwoorde **können, wollen, dürfen, müssen, sollen** gevoeg, wat eweneens almal sonder **zu** gebruik word; die gebruik van **brauchen** sonder **zu** is dus heeltemal sisteemadekwaat.[37] Verdere voorbeelde van 'n regverdigbare afwyking van die taalnorm in die taalgebruik is:

(a) die bysinkonstruksie met **trotzdem** in plaas van die normatief-vereiste **obwohl** (Voorbeeld: **Er hat das Haus gekauft, trotzdem er kein Geld hat**).[38]

(b) die komparatiewe partikel **wie** in plaas van **als** (ibd.:156) (Voorbeeld: **Sie ist älter wie er**).

(c) die uitsluiting (**Ausklammerung**) van nominale sinsdele of deelsinne (**Gliedsätze**) in plaas van die omsluiting daarvan deur die tweede predikaatsdeel oftewel deur die finiete werkwoord (Voorbeeld: **Der planmäßige Abflug der Maschine hatte sich verzögert wegen der schlechten**

http://spilplus.journals.ac.za/



Wetterlage und eines **schnell zu behebenden Schadens am Fahrgestell.** in plaas van **Der** ***planmäßige Abflug*** **der Maschine hatte sich wegen ... verzögert.).**

(d) **wegen** + genitief in afwisseling met **wegen** + datief.[39]

Weinrich (1982:10) is die mening toegedaan dat hierdie soort van alternatiewelike gebruik van twee vorme ook deel van die skoolonderrig behoort te vorm:

> "Die skoliere kan dan bly wees dat hulle die keuse tussen die twee gevalle/naamvalle in die een of ander situasie miskien kan gebruik om hul *uitdrukking te nuanaseer*".

Hierdie toleransie teenoor variasies moet verwelkom word. Dit beoog en bevorder 'n funksionele taalgebruiksdifferensiasie ten opsigte van "registers" *en* tekssoorte en is dus die teenoorgestelde van 'n normbegrip wat 'n dwang tot veralgemening en deurvoering veronderstel het (Gessinger 1980:98). In hierdie sin stel Augst die volgende eis (1982:135-136):

> "Elke *deskriptiewe grammatika moet* 'n variasiegrammatika wees. Waar 'n demokratiese begrip van taalnorm aanvaar word, moet egter selfs die preskriptiewe grammatika variasievorme bevat; slegs só kan dit voldoen aan die eis van Daneš (bl. 25)[40] naamlik dat 'n preskriptiewe grammatika die (verdere) ontwikkeling van die geskrewe taal op 'n planmatige wyse moet help beïnvloed wat rekening hou met die betrokke perspektiewe van taalgebruik (...)
>
> Demokratiese norme beteken (...) nie laisser faire nie; 'n demokratiese prosedure van normverandering beteken nie taalanargie nie. Albei vloei voort uit die beginsel van toleransie, wat ook in die taal die waardigheid van die ander persoon respekteer".

### 5.2.2 Restriksie van taalsisteemdele

Hierdie restriksie beteken 'n kritiek teen konsekwente of algemene normbeginsels of normstelsels. So word daar byvoorbeeld gekritiseer dat nuwe woordskeppinge of -vorme op skool en in die publisistiese taalkritiek veroordeel word, hoewel hierdie woordskeppinge voldoen aan die woordboumodelle en -beginsels van die Duitse taalstelsel. Vergelyk (Von Polenz 1973:161):

http://spilplus.journals.ac.za/



"Vanuit die taalsisteem self kan die eis gestel word dat die volgende woordskeppinge toelaatbaar is: vir elke werkwoord 'n toepaslike nomen actionis (met die uitgang -ung, -en of -ation) en 'n nomen agentis (met die uitgang -er) (ook vir ongebruiklike afleidings soos Bleiber, Kommer kan daar moontlik 'n regverdigbare behoefte wees); verder moet daar vir elke werkwoord wat in die passief gebruik kan word, 'n adjektief toegelaat word wat die passief-potentialiteit aandui (met die uitgang -bar of -abel); vir elke adjektief moet 'n nomen qualitatis (met die uitgang -heit/keit of -ität) aanvaar word en vir elke substantief (selfstandige naamwoord) of adjektief 'n toepaslike werkwoord, wat volgens verskillende afleidingsmodelle gevorm kan word." (ibid.)

In die jongste tyd bepleit Heringer dat die woordbou- en woordskeppingsveld nie met 'n oorvloed aan reëls en norme gesteriliseer mag word nie (1984:2):

"As normeerders selfs reeds nuwe woorde soos Lerner wil uitmergel, moet ons 'n woordskeppings-noodtoestand afkondig. Ons behoort op dergelike normeerders te reageer met die vrye gebruik van alle (taal-)moontlikhede, met 'n vernietigende kritiek aan onnodige norme, en met die aankweek van die woordskeppingsvaardigheid van indiwidue. Selfs linguiste hoef nie net afwerende tuiniere te wees nie wat 'n besnoeierige taalversorging onderskraag nie. Moet ons nie die normskap van dergelike normeerders opskort nie? Waarom sou ons nie die bemesting vir 'n geile vrye groei afgee nie?"[41]

Onderskeie opvattings oor die vryheid ten opsigte van woordskeppinge kan juis in die onderrigsituasie verreikende gevolge hê: dit kan 'n kreatiewe taalontwikkeling bevorder of aan bande lê. Dit geld selfs vir die onderrig van 'n vreemde taal.

http://spilplus.journals.ac.za/



## 6 Norme vir die Duitse taal in Suid-Afrika

### 6.1 Duits as moeder- of primêre taal

Dat daar in Suid-Afrika hoegenaamd nog Duits gepraat en op skool geleer word, is merkwaardig (Stielau 1980:241), aangesien dit hier nooit 'n amptelike taal was nie (in teenstelling met Namibië). Duits word tans deur sowat 60 000 persone gepraat wat in Suid-Afrika woonagtig is (Kloos 1980:545).[42] Die taal is (aanvanklik) deur sendelinge, boere, ambagsmanne en hul gesinne gepraat, en dit kon homself sedert die middel van die vorige eeu oor geslagte heen handhaaf[43] --- danksy 'n skolebeleid van staatskant wat baie ruimhartig was, gegewe die situasie van 'n oorsese taalgemeenskap (ibid.).[44] As sentra van Duitse taalversorging en -bevordering bestaan daar vandag nog 18 Duitse skole, waarvan sommige staatskole is en ander privaatskole wat deur ouerverenigings gefinansier word. Die meeste van hierdie skole is in landelike gebiede geleë en is taamlik klein. Slegs in die laer klasse word Duits as voertaal gebruik. Die belangrikste skole wat onderrig tot op matriekvlak aanbied is in Johannesburg, Pretoria, Kaapstad en Hermannsburg geleë en word geldelik ondersteun deur die Wes-Duitse departement van buitelandse sake. Sommige van die onderwysers aan die skole word deur die **Zentralstelle für das Auslandsschulwesen** (Hoofkantoor vir die buitelandse skolewese) verskaf en besoldig (Schweizer 1982:208). Sommige skoliere se ouers vertoef net 'n aantal jare in Suid-Afrika, gewoonlik in verband met beroepsverpligtinge, en hierdie skoliere praat Duits inderdaad as moedertaal. 'n Groter persentasie van die skoliere aan sowel die kleiner as die groter[45] skole het egter Duits as 'n "beperkte kode" ("restricted code") binne die gesin geleer. Hierdie kode word in sommige gevalle op die plattelandse skole gevestig en versterk (Schmidt-Ihms 1976:9), en wel deur onderwysers wat --- soos trouens ook die meeste ouers --- weliswaar nie meer tot die laer sosiale klas behoort nie, maar in hul Duitse taalgebruik "nie bo die vlak van die beperkte kode kan uitstyg nie" (ibid.). Hierdie kode sou vergelykbaar wees met 'n familiêre, dialekagtige omgangstaal in 'n Duitstalige streek in Europa, behalwe in die volgende belangrike opsig: die daaglikse massiewe inwerking van die standaardtaal op hierdie kode via die massamedia ontbreek --- en daarmee saam die aanleiding tot organiese taalontwikkeling. Daarenteen geskied taalverandering --- soos in alle "taaleiland"-situasies --- by wyse van interferensie op grond van die gedurige inwerking van die kontaktale (Afrikaans en Engels). Aan hierdie tale word daar baie uitdrukkings en woorde ontleen wat kenmerkend is van die

besondere lewensomstandighede in hierdie land of wat eie is aan sekere vakgebiede (Stielau 1980:232-234). Op leksikale gebied is die beïnvloeding besonder ooglopend, maar die inwerking op die fraseologie en sintaksis moet ook nie onderskat word nie. Volgens my ondervinding het die taalgebruikers self weinig bedenkinge oor hierdie "gebruiksnorm" in die familiêre omgangstaal. Dié ongeërgdheid verskil egter grootliks van die houding teenoor die skryftaal met sy gekodifiseerde norm, en teenoor die skryftaalagtige omgangstaal soos wat dit volgens die verwagtinge van die ouers in die sekondêre en tersiêre moeder- en vreemdetaalonderrig geleer behoort te word (en tot 'n mate wel geleer word). Daar is myns insiens twee hoofredes vir hierdie houding: die verwydering van die kleurryke veelvoud van lewendige Duitse taalgebruik aan die een kant, en aan die ander kant 'n gevoel van bedreigdheid deur die kontaktale Engels en Afrikaans wat hom --- in teenstelling met die omgangstaal --- op hierdie taalvlak laat geld. Dit verklaar myns insiens die neiging tot intensiewe taalversorging, nastrewing van die ideaalnorm, behoud van die skriftelike oorlewering van die "opvoedingstaal" (**Bildungssprache**), en selfs purisme.[46] Standaardtaal word gekenmerk deur tendensiële toenadering tot die skryftaal, maar kan nooit aan die skryftaal gelykgestel word nie, aldus die reeds aangehaalde voorwoord van die **Duden**-grammatika (1984). Kom 'n mens egter as buitestander na Suid-Afrika, kry jy maklik die indruk dat baie Duitssprekendes hier die skryftaal beskou as standaardtaal (oftewel nie anders kan as om dit so te beskou nie). Die behoud van hierdie "kulturele erfenis" is blykbaar deel van 'n waardestelsel wat herinner aan die houding van die burgerlikes teenoor die "dekadente" adellikes in die 18de eeu. Dié skynbaar vrywillige onttrekking aan taalontwikkeling en -verandering kan egter soos volg verklaar word: In die ondervinding van die Duitssprekende Suid-Afrikaner beteken taalverandering gewoonlik taalverarming of -agteruitgang, in die sin van 'n oormatige ontlening aan of beïnvloeding deur die kontaktale. Die konsep én verskynsel van taalontwikkeling en -verandering kry hierdeur negatiewe konnotasies. In die Duitstalige lande heers daarenteen merendeels die --- myns insiens korrekte --- opvatting dat taalveranderinge saamhang met maatskaplike veranderinge --- veranderinge wat op hul beurt deur baie Suid-Afrikaners beskou word as tekens van agteruitgang of selfs van ondergang. Baie Duitssprekende Suid-Afrikaners is daarom geneig om taalverandering en -ontwikkeling sonder meer gelyk te stel aan taalverval en -agteruitgang. Hierdie tweevoudige verwerping van taalverandering of -ontwikkeling lei myns insiens tot 'n tweevoudige afbakening van die **Hochsprache** ("verhewe taal"), naamlik

http://spilplus.journals.ac.za/



(a) teenoor die kontaktale (Engels en Afrikaans); en

(b) teenoor ontwikkelinge in die moedertaallande (die Duitstalige *lande*).

Op die oog af lyk dit asof slegs 'n min of meer bewustelike en aanvaarde oftewel onvermydelike aanpassing by die toestande en omstandighede van die nuwe tuiste (Suid-Afrika) die plaaslike Duitssprekendes sou kon help om die isolasie te deurbreek waarin die genoemde afbakening hulle laat beland het. Nietemin behoort dit myns insiens ook onder hierdie besondere omstandighede moontlik te wees om 'n sekere ewewig te skep tussen die taalgebruik van onlangse immigrante of tydelike inwoners (dit wil sê taalgebruikes wat nog deel het aan taalontwikkelinge in die moedertaallande), en die meer konserwatiewe houding van oud-immigrante of nasate van immigrante. Dit impliseer die belangrike taak van 'n sinvolle samewerking tussen onderwysers met 'n gevestigde Suid-Afrikaanse agtergrond, en diegene met 'n meer onlangse lewendige verbintenis met een van die Duitstalige lande --- 'n taak wat van albei kante baie begrip sal vereis. Die volgende uitspraak van Juhász is hier tersake (1982:216):

> "Die taalkundige of Duitsonderwyser wat hier eensydig kant kies, laat geen reg geskied aan die dinamiek van statiese en dinamiese verskynsels in die taal nie, en verloor dus een van die twee onmisbare sosiale funksies van die taal uit die oog."

In die praktyk behoort onderwysers en dosente myns insiens veral te let op die ryke veelvoud van taalgebruike en taalgebruiksmoontlikhede, want die verswakking van taalaanvoeling kom veral tot uiting as 'n gebrek aan aanvoeling vir verskillende stylvlakke en funksionele style. Die dekking van 'n breë spektrum van tekssoorte (gebruikstekste en kontemporêre letterkundige tekste) op 'n reseptiewe wyse (hoor en lees) asook op produktiewe wyse (praat en skryf) behoort hierdie gebrek aan aanvoeling teen te werk. So 'n wye keuse van tekssoorte kan moontlik die verskynsel van taalgebruiksarmoede (Juhász 1982:217) teenwerk en help vergoed vir die afgeskeidenheid van die dinamiese (Duitse) taalgebeure.

### 6.2 Duits as vreemde taal in Suid-Afrika

Hier wil ek graag twee probleme kortliks noem, waarvan die een van 'n meer spesifieke aard en die ander van 'n meer algemene aard is.

http://spilplus.journals.ac.za/



Die spesifieke probleem is dat die Duitsonderrig aan Duits- en anderstaliges wat later Duitsonderwysers word, sekere gevolge meebring vir die onderrig van Duits as 'n vreemde taal. Die moeilikhede en knelpunte wat in die laaste paragraaf van par. 6.1 genoem is (onversetlike normbegrip ten opsigte van die skryftaal, beperking tot 'n geringe aantal tekssoorte, verswyging van die werklike maatskaplike toestande en verhoudinge in die teikentaallande ten gunste van 'n gesuggereerde harmoniese wêreldbeeld) geld dus in 'n sekere mate ook vir hierdie gebied.

Die algemene probleemkompleks word in die jongste tyd deur die sogenaamde interimtaalnavorsing behandel. Die groot probleem ten opsigte van die onderrig van 'n vreemde taal is die vraag watter doel daar vir die leerlinge gestel moet word --- oftewel gestel kán word.[47] Die ideale doel, naamlik dat die vreemde taal ewe goed beheer word as die moedertaal, kan om verskeie redes nie bereik word nie. Om dié rede moet daar na gelang van die doelstellings, moontlikhede en metodes van die betrokke onderrig 'n sekere normtoegeeflikheid (**Normentoleranz**) heers wat die stapsgewyse verkryging van vreemdetaalvaardigheid moontlik maak. As die basiese beginsel aanvaar word dat kommunikatiewe geslaagdheid voorkeur geniet bo korrektheid, dan beteken dit geensins dat daar nou geen foute meer gekorrigeer moet word nie. Inteendeel: die onderwysers of dosente moet nou korrigeringsstrategieë ontwikkel met die oog op interlinguae-ontwikkeling (Esser 1984). Die verskil teenoor 'n meer tradisionele benadering is dat foute nou nie soseer beskou word as verbreking of oortreding teen die geldige norm nie, maar veral as fenomene of simptome van bepaalde ontwikkelingsvlakke van vreemdetaalvaardigheid en as aanduiding van die kommunikatiewe moontlikhede van die betrokke interimsvaardigheid. Gevolglik word foute nou meer bepaald gesien in hul afhanklikheid van die betrokke taalonderrigvlak.

Dit beteken 'n heeltemal nuwe ingesteldheid teenoor foute en foutekorrigering --- 'n benadering wat vreemdetaal-onderwysers voor 'n belangrike nuwe taak te staan bring: om na gelang van die betrokke onderrig riglyne te ontwikkel vir die kodifisering van teikentaalnorme, sodat normtoegeeflikheid die leerlinge in staat stel om geleidelik normsekerheid te verwerf. Dit moet op so 'n wyse geskied dat die strategie van foutekorrigering en -evaluering ook vir die leerlinge duidelik en verstaanbaar is. In dié verband speel die verwantskap of verhouding tussen die betrokke kontak- en teikentale 'n beslissende rol, in die geval van Duitsonderrig in Suid-Afrika dus die verband Duits-Engels en Duits-Afrikaans.

http://spilplus.journals.ac.za/



## 7 Slotopmerkings

Ten slotte is dit gepas om weer eens kortliks te verwys na die rol van die taalwetenskap --- oftewel die taalwetenskaplike --- ten opsigte van die normvraagstuk. Oor die algemeen word daar aanvaar dat die taalwetenskap nie normatief nie, maar slegs deskriptief behoort op te tree. In die jongste tyd word daar egter van verskeie kante in die Bondsrepubliek geëis dat taalwetenskaplikes opnuut prinsipieel oor die kwessie van waarde-oordele moet besin en hul nie net by deskriptiewe take moet bepaal nie (**Fachsprache** 81/2:74), veral wanneer daar kommunikasieprobleme ontstaan, soos byvoorbeeld in die administratiewe taalgebruik.

Volgens Meisel[48] het die taalwetenskaplike *beslis* ook die taak om gebruiksnorme te verdedig, veral waar die wetenskaplike sodoende die gebruik of misbruik van taalreëlings as prestige- of magsmiddele kan help verhinder. Taalwetenskaplikes moet 'n aanvoeling vir taalverandering hê en met oortuigende geduld en deeglike kennis teen die "wet van traagheid" optree wat deur baie konserwatiewe taalgebruikers hooggehou word. Dit geld veral waar die argumente van die *behoudende* taalstryders op grond van taalsisteeminterne ontwikkelinge of maatskaplike veranderinge geen gewig meer dra nie. Die grense wat daar vir die algemene soos vir die indiwiduele taalgebruik gestel is, is nie soseer norme nie as die vereistes van kommunikasie. Soos Heringer (1984:2), een van die oorspronklikste taalwetenskaplikes wat tans in die Bondsrepubliek werksaam is, dit stel:

> "Die grammatika is by wyse van spreke die harde grond, en daarbo strek die ryk van die interpreterende vryheid --- 'n vryheid wat nie sonder grense is nie. Maar hierdie grense word nie deur ons getrek nie of selfs deur die taalwetenskaplikes nie, hierdie grense vloei self voort (uit die taalgebruik), en dit kom tot uiting in die kommunikasie".

http://spilplus.journals.ac.za/



## NOTE

*My hartlike dank aan mnr. Richard Bertelsmann (Departement Duits, U.W.K.) vir die vertaling van die manuskrip uit Duits en mnr André Mouton (Departement Linguistiek, U.W.K.) vir die proeflees. Aan prof. Plüddemann en mnr. Bertelsmann ook 'n woord van dank vir die vrugbare bespreking van die probleemkompleks wat in par. 6 behandel word.

1 "Die normbegrip het die reëlbegrip grootliks vervang" (Lewandowski 1982:15).

2 Von Polenz se term **Sprachbrauch** (taalgebruik, taalgewoonte) moet nie verwar word met die meer algemeen gebruikte term **Sprachgebrauch** (taalgebruik, taalaanwending) nie. Laasgenoemde slaan op die empiriese aanwending van taal, eersgenoemde op die "gebruiklike" of deur gewoonte gesanksioneerde taalvorm, *wat* weliswaar van die gestatueerde of vasgestelde norm mag verskil.

3 Oorsake vir verskille tussen gebruiks- en gekodifiseerde norm word deur Jäger gegee (1980:378):

(i) Gekodifiseerde norm is van die begin af aan die gebruiksnorm opgedring en is daarom nie werklik deur die taalgemeenskap aanvaar *nie*.

(ii) Kodifikasie is nie gebaseer op betroubare navorsing oor heersende taalgebruik nie.

(iii) Vernuwinge, verandering in die taalgebruik is nie deur die normerende inrigtings inaggeneem nie.

http://spilplus.journals.ac.za/



Standaardtaal as benaming vir die "nie-streeksgebonde gebruiklike taal van die grootste deel van die opgevoede mense van 'n taalgemeenskap" (Jäger 1980:376) veral vir hulle geskrewe taal is in die Bondsrepubliek gebruiklik en het die (in Switserland gebruiklike) term "Hochsprache" verdring. Die term **Hochsprache** wek die populêrwetenskaplie assosiasie van 'n "verhewe" taal (teenoor die "laer" omgangstaal).

In die DDR word die term **Literatursprache** (=literatuurtaal), wat van die Praagse skool oorgeneem is, gebruik en in die Klein Ensiklopedie Duitse Taal deur E. Ising as volg gedefinieer: "'n bewustelik ontwikkelde, 'gevormde' voorkomsvorm van die taal, ..., wat in die proses van 'n min of meer bewuste keuse uit die totale voorraad van taalmiddele ontstaan het en in verbinding daarmee 'n bepaalde reëling en gereeldheid toon (415). Soms word in die literatuur ook benaminge soos **Schrift-, Einheits-, Gemeinschafts-, Gemein-, Nationalsprache** aangetref en gee telkens gemeenskaps-polities-historiese nuanses van interpretasie weer of belig telkens verskillende swaartepunte van die strewe van 'n taalgemeenskap na 'n gestandaardiseerde taal.

In Oostenryk is die Duitse standaardtaal primêr die skryftaal; gepraat word veral dialekte (**bairisch** en in Voralberg **alemannisch**) of 'n *omgangstaal* wat na aan die dialek is en wat by sprekers volgens streek, herkoms (stad/land), ouderdom, sosiaalstruktuur ensovoorts varieer (Mentrup 1980:527-531).

In die Duitssprekende Switserland wat aan die alemanniese taalgebied behoort, word net vir die formele mondelinge en skriftelike kommunikasie die standaardtaal (of **Hochsprache**) gebruik wat egter van die sogenaamde "binneduitse" standaard in leksikale, woordvormings-, morfologiese en sintaktiese opsig aansienlik afwyk deur invloede uit die talryke gesproke dialekte. In teenstelling met die binneduitse en Oostenrykse taalgebied bestaan daar tussen die dialekte en die Standaardduits geen streeksomgangstale nie (Kühn 1980: 532-533.

5 Die omgangstaal moet gesien word as tussenproduk (kompromie) tussen literatuurtaal en dialek (vergelyk **Deutsche Sprache** 1980:431), dit wil sê as 'n soort van mondelinge taalgebruik met die volgende sintaktiese kenmerke: kort sinne, parataksis, ellipse, invoeging van interjeksies en modale partikels en met die fonetiese kenmerke: kontraksies en assimilasies.

6 Spesiale tale as gedifferenseerde uittreksels uit die omvattende taalpotensiaal (Möhn 1980, **LGL**: 384) en vak- of beroepstale word nie hier bespreek nie.

7 Die term **frühbürgerlich** (vroegburgerlik) is deur Germaniste van die DDR geskep en deur Germaniste van die Bondsrepubliek intussen oorgeneem, byvoorbeeld deur P. von Polenz.

8 Die **Kanzleisprachen** was die tale wat in die uitgebreide Middeleeuse Keiserryk in die waarneming van plaaslike administratiewe take gebruik is.

9 In 1617 is in Weimar volgens die Italiaanse voorbeeld die eerste een van die Duitse **Sprachgesellschaften** gestig, die **Fruchtbringende** (vrugdraende) **Gesellschaft**. Die lede wou 'n Duitse literatuurtaal skep, die uitspraak, spelling, grammatika normeer en die taal van woorde uit ander tale bevry.

http://spilplus.journals.ac.za/



10 Johan Christoph Gottsched (1700-1766) het in 1748 *die* **Grundlegung einer deutschen Sprachkunst. Nach dem Muster der besten Schriftsteller des vorigen und itszigen Jahrhunderts aufgestellt** (Basis van 'n Duitse taalkuns. Volgens die voorbeeld van die beste skrywers van die vorige en die huidige eeu opgestel) gepubliseer, waarin hy met redelik skoolmeesteragtige voorskrifte die literatuurtaal wou sistematiseer en normeer. Onder andere is die reëls ten opsigte van die swak deklinasie van die adjektiewe van Gottsched afkomstig. In Oostenryk en Beiere is sy taalleer volgens amptelike besluit in die skole ingevoer.

11 Johann Christoph Adelung (1732-1806) was as gevolg van sy woordeboek van vyf bande (gepubliseer 1774-81), sy taalleer vir die skool (1781), en sy ortografieleerboek (1788) 'n outoriteit op die gebied van taalreëls.

12 Op daardie tydstip is die Algemene Duits taalvereniging gestig "'ter opheffing van die Duitse taal, heling van ontsierings en verkruppelings, afgooi van gekunsteldheid en versierings, aansporing tot korrekte en gepaste denke in samehang met die regte, treffende uitdrukking'. Die aktiwiteite van hierdie burgerlike taalweerstand het by skrywers soos Fontane, Raabe en andere heftige teenkanting gewek, veral ten opsigte van die kwessie van vreemde woorde" (Von Polenz 1977:159).

13 1646-1716. Die twee geskrifte, waarin Leibniz hom ten gunste van die gebruik van die Duitse in plaas van die Franse taal uitspreek, is eers na sy dood gepubliseer, byvoorbeeld "Nie-voorbarige gedagtes wat betrekking het op die beoefening en verbetering van die Duitse taal". (Leibniz het in die bo-Duitse taalvorm geskryf, dit wil sê in die Suid-Duitse streeksomgangstaal.

14 Die eerste Duden deur Konrad Duden het in 1880 verskyn met die titel **Volledige ortografiese Woordeboek van *die Duitse* taal**, 'n dun band van 187 bladsye. As vergelyking: die 18de uitgawe van 1980 omvat 729 bladsye. Intussen omvat die Groot Duden naas die volume oor Ortografie 'n verdere 9 bande:

Band 1 : **Rechtschreibung** 1980
Band 2 : **Stilwörtenbuch** 1971
Band 3 : **Bildwörterbuch** 1977
Band 4 : **Grammatik der deutschen Gegenwartssprache** 1984
Band 5 : **Fremdwörtenbuch** 1982
Band 6 : **Aussprachewörterbuch** 1974
Band 7 : **Etymologie**
Band 8 : **Sinn- und sachverwandte Wörter**
Band 9 : **Zweifelsfälle der deutschen Sprache** 1972
Band 10 : **Bedeutungswörterbuch**

15 Die "Konferensie van die Kultuurministers" (**Ständige Konferenz der Kulturminister**) is 'n *permanente forum vir skakeling* en samewerking tussen die ministers van onderwys- en kultuursake van die elf federale lidstate van die Bondsrepubliek van Duitsland. Dit waarborg 'n mate van eenvormige ontwikkeling in die elf federale state, wat wetlik outonoom is ten opsigte van onderwys- en kultuursake.

16 Vir breedvoerige informasie vergelyk "Geskiedenis en prestasies van die Duden". Uitgegee deur **Bibliographisches Institut**, *Mannheim 1968*.

http://spilplus.journals.ac.za/



Meer inligting oor die take van die Genootskap kan verkry word in **Muttersprache** 67 (1957), **Sprachdienst** 11 (1967). **Jaarverslae** word jaarliks in **Sprachdienst** gepubliseer.

[18] **Deutsche Akademie für Sprache und Dichtung. Der öffentliche Sprachgebrauch** (Die openbare taalgebruik)

Bd. 1 : Die taalnormbespreking in koerante, radio en televisie. Saamgestel deur B. Mogge *et al. 1980;*

Bd. 2 : Die taal van die regsprofessie en die administrasie. Saamgestel deur J. Radtke *1981;*

Bd. 3 : Skole vir 'n goeie taalgebruik. 1982 Stuttgart.

[19] Om politieke redes is daar in Suid-Afrika geen kantoor nie. In die laaste paar jaar word daar egter gereeld beurse aan studente, onderwysers en dosente van die Duitse taal deur bemiddeling van die Duitse ambassade toegeken.

[20] Verdere publikasies:

**Wörterbuch der Sprachschwierigkeiten** 1984

**GroBes Fremdwörterbuch** 1980

**Synonymenwörterbuch** 1980

**Wörter und Wendungen** 1079

**GroBes Abkurzungsbuch** 1980

**Deutsche Sprache. Handbuch fur den Sprachgebrauch** 1980

**Grammatik der deutschen Sprache** von W.Jung/Starke 1982

**Praktische Stillehre** von Möller/Fix 1980

(Dit mag wees dat van sommige boeke reeds meer onlangse uitgawes beskikbaar is.)

[21] In 1901 het die Duitse Ryk uit verskillende lidstate bestaan wat 'n sekere mate van outonomie ten opsigte van onderwys- en kultuursake bekom het.

[22] Gottsched en Adelung (sien note 10 en 11) het in 'n baie groot mate bygedra daartoe dat die Duitse ortografie in die 18de eeu eenvormiger gemaak is. Die hoofletterskrywing van naamwoorde byvoorbeeld is deur Gottsched tot norm verhef. In die 19de eeu was daar nog steeds verskillende ortografieleerboeke vir die verskillende Duitse lande. (Hierdie Duitse lande was die Duitse state wat in 1871 deur Bismarck tot die Duitse Ryk verenig is. *Hulle het as administratiewe eenhede voortbestaan*, hoewel hul plaaslike outonomie gering was.) Op die eerste ortografiese konerensie in Berlyn in 1876 is 'n voorstel vir 'n bindende reëlsisteem deur von Raumer uitgewerk en voorgelê, waarby alle volgende reëlboeke in mindere of meerdere mate gehou het, ook die **Volledige ortografiese woordeboek van die Duitse taal** wat in 1880 die eerste keer deur Duden gepubliseer is. Laasgenoemde is saamgestel op die basis van die Pruisiese skoolortografie en die amptelike Pruisiese reëlinterpretasie. Vir 'n breedvoerige beskrywing sien H.-G. Küppers (1984): **Orthografie-reform und Öffentlichkeit : Zur Entwicklung und Diskussion der Rechtschreibreformbemuhungen zwischen 1876 und 1982.** Dusseldorf 1984 (**Sprache der Gegenwart** 61). 'n Kort oorsig gee A. Mächt: "Die Geschichte der deutschen Rechtschreibung und ihrer Reformversuche". **SuL in Wiss. u. Unterr.** 1984/1:54-61.

http://spilplus.journals.ac.za/



23 Elke federale lidstaat van die Bondsrepubliek het sy eie ministerie van onderwys- en kultuursake. 'n Staande komitee van die ministers verseker 'n mate van eenvormigheid en koördinasie tussen die federale state.

24 Argumente vir en teen 'n hervorming kan gevind word by H.P. Althaus 1980:790.

25 'n Hoofargument van mense wat om beroepsredes vinnig en baie moet lees teen die hervorming is: substantiewe wat met hoofletters geskryf is, vergemaklik die ekstensiewe leesproses.

26 D. Nerius 1975: **Untersuchungen zu einer Reform der deutschen Orthografie.**

D. Nerius en J. Scharnhorst 1980: **Theoretische Probleme der deutschen Orthografie**. Berlin.

'n Ander kenner in die Bondsrepubliek is W. Mentrup. Sy publikasies sluit byvoorbeeld in: **Rechtschreibreform in der Diskussion. Wissenschaftliche Arbeitstagung zur deutschen Orthografie**, Mannheim, Mai 1979. Tubingen 1979 (**Forschungsberichte des Instituts für deutsche Sprache** 49).

In die DDR is daar 'n navorsingsgroep in die ZISW wat hulle met die vrae besig hou, en in die Bondsrepubliek 'n kommissie in die **Institut für deutsche Sprache**, Mannheim en een in die Gesellschaft für deutsche **Sprache**, Wiesbaden.

27 Die kenteken bestaan uit die internasionale kentekens van die state Bondsrepubliek Duitsland (D), Oostenryk (A) en Switselrand (CH). Terselfdertyd roep die benaming die gedagte aan 'n oorkoepelende liggaam (Duits: **Dachverband**) op.

28 Vergelyk H. Sitta, **DU** 84/3:88.

29 17 (1984), H. 10:12. Ook die bekende weektydskrif **Der Spiegel** het 'n rukkie **terug** (11.6.1984) 'n **Spiegel**-gesprek gepubliseer: **Ook** met 20 foute in die opstel 'n A? Kultuurminister Georg Gölter (CDU) oor die ortografie, die hervorming daarvan en die belangrikheid van ortografie op skool Nr 24:156-163.

30 Vergelyk (Althaus 1980:789 en 791); **Duden-Grammatika** $^{4}$1984:30-31; **Deutsche Sprache** 1984:429-430; (Von Polenz 1977:135-136).

31 "... want ek ondervind dit dikwels dat die Grammatika-Duden meer verdraagsaam is as sommige Duitsonderwysers wat hulle op dié werk beroep, sonder om dit werklik te raadpleeg" (Augst 1982:132).

32 Dit gaan hier nie soseer om 'n volledige beskrywing van die tendense van die moderne standaardtaal nie, maar eerder om die bewys van die stelling dat die Duden-Grammatika genoeg aandag aan hierdie tendense gee.

33 Möller/Fix (1980): **Praktische Stillehre**, Leipzig; S.a. R.M.G. Nickisch (1975): **Gutes Deutsch?: Kritische Studien zu den maßgeblichen praktischen Stillehren der deutschen Gegenwartssprache**, Göttingen.

http://spilplus.journals.ac.za/



Vir meer bronneverwysings sien (U. Püschel 1980): **Linguistische Stilistik**, LGL:304-313; **Deutsche Sprache** (1984): Kap. 3.3 **Grundzüge der Stilistik**, Leipzig.

34 Vergelyk **Der öffentliche Sprachgebrauch** *II*: **Tagungsbericht**: **Normen der Gesetzes- und Verwaltungssprache**. In: **Fachsprache** 1981/2: 73-74.

35 Voorbeeld van graffiti: **Ich kann mich an alles gewöhnen, nur nicht am Dativ!**

36 Byvoorbeeld invoeging of weglating by die verbindings **-s** in woordsamevoegings: **Vermögensteuer**, **Versicherungsteuer**, maar **Schadensersatz**. In die DDR word **Funfjahrplan** *geskryf in plaas van* **Funfjahresplan**. In Oostenryk word eie verbindings -s in 'n groter mate algemeen gebruik (vergelyk **Duden-Grammatika**:821).

37 Die **Duden-Grammatika** *(1984) onderskei nog* steeds tussen standaardtaal *en* gesproke taal:

> Par. 661 Opm. 1: In die standaardtaal word **brauchen** oorwegend met zu gebruik; in belang van welluidendheid (... **zu tun haben** in plaas van zu tun zu haben) terwille van klem (Wundern braucht man sich nicht!) word **brauchen** ook in die standaardtaal sonder zu verkies.

> Par. 1025: In die huidige taalgebruik (Gegenwartssprache) eis **brauchen** toegang tot die groep modale *hulpwerkwoorde* ,aangesien dit *veral* in gesproke taal dikwels sonder **zu** gebruik word.

http://spilplus.journals.ac.za/



38 Vergelyk naas (Von Polenz 1953:156) ook (Von Polenz 1964:76-79) en **Duden-Grammatika** 1984 par. 672 Opm. 1: Ook **trotzdem** word by geleentheid as voegwoord ... gebruik. Hier gaan dit om 'n ontwikkeling wat in die geval van ander partikels reeds voltooi is, naamlik die verskuiwing uit die hoofsin na die bysin, terwyl die eintlike voegwoord (**daß**) verdwyn: **Seitdem, daß** ich ihn kenne, ist er mein Freund...

39 **Duden-Grammatika** 632: **wegen des Geldes** (standaardtaal)/**wegen dem** Geld (omgangstaal).

40 1968: "Einige soziolinguistische Aspekte der Schriftsprache" (Enkele sosiolinguistiese aspekte van die skryftaal). In: **Die Welt der Slaven**. H. 13, bl. 17-27.

41 'n Verdere artikel van Heringer oor hierdie onderwerp is: "Gebt endlich die Wortbildung frei!" (Hef nou uiteindelik die woordboubeperkings op!). In: **SuL** in **Wiss. u. Unterr.** 1984/1:43-53.

42 Schweizer (1982:204) stel die getal op 49 000.

43 In teenstelling met die vroeë immigrante en setlaars in Kaapland, wat hulle binne 8 tot 10 jaar volkome aangepas het en die Duitse taal ten gunste van Kaap-Nederlands laat vaar het (E.H. Raidt: **Einfuhrung in die Geschichte und Struktur des Afrikaans** (Inleiding tot die geskiedenis en struktuur van Afrikaans). Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft 1983:20).

44 Schweizer daarenteen maak die volgende bewering: Dit is alleen te danke aan die blanke koloniale en rassebeleid van meer as 'n honderd jaar dat die Duitse taal hom tot in die vierde en vyfde geslag kon handhaaf as mondelinge en skriftelike kommunikasiemiddel (1982:205).

45 Vergelyk ook die skole en skolieregetalle wat Schweizer noem (1982:208).

46 Hier dink 'n mens aan die "sentimentele en historiese eerbied vir die verlede" en aan die opvatting dat "die taal van die voorouers nog nie deur die moderne tydsgees 'besmet' was nie"; albei verskynsels word genoem deur P. von Polenz ($^9$1978:6).

47 (Juhász 1981) Die teks van sy referaat oor "Normbegrippe in die onderrig van Duits as 'n vreemde taal", gelewer op die Internationale **Deutschlehrertagung** (Internasionale Duitsonderwyserskongres) 1983 in Budapest, was ongelukkig by skrywe hiervan nog nie beskikbaar nie. Volgens die **Zeitschrift fur Germanistik** het Juhász in die referaat "'oorsigtelike uiteensetting van teenwoordige linguistiese en vreemdetaal-standpunte gelewer. Aan die hand van voorbeelde van die belangrikste taalvlakke het hy aangetoon watter gevolge die kommunikatiefgerigte onderrig meebring vir die normbewustheid, maar veral ook vir die oordrag van norme in die onderrig." (ZfG 2/84:215)

48 1971:13 : **Die taalkundige** kan nie sonder taalnorm klaarkom nie, maar hy moet besin oor die implikasies wat voortvloei uit die stelling van 'n norm. Die taalkundige kan die norm slegs so lank regverdig as wat dit voldoen aan die lewendige en noodsaaklike belang van die mens by 'n bindende taalnorm (volgens Pollak).

http://spilplus.journals.ac.za/



# BIBLIOGRAFIE

(Bronneverwysings wat in die opmerkings reeds volledig gegee is, word nie in die volgende bronnelys herhaal nie.)


Althaus, H.P. (1980) "Orthographie/Ortophonie", **LGL** IV:787-792.

Augst, G. (1982) "Soll die Schule Sprachnormen als fest, wandelbar oder veränderbar lehren?" Mogge/Radtke (eds.): **Der öffentliche Sprachgebrauch**, Bd. *III*. (pp. 126-143)

Cramer, Th. (ed.) (1983) *"Literatur und Sprache im historischen Prozeß"*, **Vorträge des Deutschen Germanistentages Aachen** 1982. Bd. 2: **Sprache**, Tübingen, Niemeyer.

**Deutsche Sprache** (1983) **Kleine Enzyklopädie**, **Leipzig: VEB**, *Bibliographisches Institut*.

Dieckmann, W. (1980) "Sprachlenkung - Sprachkritik", **LGL** III:508-515.

Esser, U. (1984) "Fremdsprachenpsychologische Betrachtungen zur Fehlerproblematik im Fremdsprachenunterricht", **DaF** 3/84 (21 Jg) : 151-159.

Fleischer, W., W.Hartung, et al. (eds.) s.: **Deutsche Sprache**.

Gessinger, J. (1980) **Sprache und Bürgertum, Sozialgeschichte sprachlicher Verkehrsformen im Deutschland des 18. Jahrhunderts.** *Stuttgart*: Metzler.

Gloy, K. (1980) "Sprachnorm", **LGL** II:375-379.

Hartung, W. (1977) "Zum Inhalt des Normbegriffs in der Linguistik", **Normen in der sprachlichen Kommunikation**:9-69.

Hellmann, M.W. (1980) "Deutsche Sprache in der Bundesrepublik Deutschland und der Deutschen Demokratischen Republik", **LGL** III:519-527.

Heringer, H.J. (1984) "Wortbildung: Sinn aus dem Chaos", **DS** 1/84:1-13.

Jäger, S. (1968) "Die Sprachnorm als Aufgabe von Sprachwissenschaft und Sprachpflege", **WW** 18, H. 6:361-375.

Jäger, S. (1980) "Standardsprache", **LGL** II:375-379.

Juhász, J. (1981) "Normensicherheit-Normentoleranz", **ZD** 4:15-25.

Juhász, J. (1982) "Diskussionsbeitrag" in Mogge, B., Radtke, I. (eds.), **Schulen für einen guten Sprachgebrauch.**(pp.215-221.

Kloos, H. (1980) "Deutsche Sprache auBerhalb des geschlossenen deutschen Sprachgebiets", **LGL** III:537-546.

Lewandowski, T. (1982) "Normen im deutschen Schulunterricht: mundliche Kommunikation und gesprochene Sprache", in Mogge, B., Radtke, I. (eds.): **Der öffentliche Sprachgebrauch** III. (pp. 15-26)

**Lexikon der germanisitschen Linguistik (LGL)** (1980) Bd. I-IV. Tübingen: Niemeyer.

Meisel, J.M. (1971) "Sprachnorm in Linguistik und Sprachpflege", **LB** 13:8-14.

Mentrup, W., & P. Kühn, (1980) "Deutsche Sprache in Österreich und in der Schweiz", **LGL** III:527-536.

Mogge, B., & I. Radtke, (eds.) (1982) "Schulen fur einen guten Sprachgebrauch", **Der öffentliche Sprachgebrauch** III. Stuttgart: Klett-Cotta.

Möhn, D., "Sondersprachen". **LGL** II:384-390.

Möller, G., & U. Fix, (1980) **Praktische Stillehre.** Leipzig: VEB, Bibliographisches Institut.

Nerius, D. (1980) "Zur Bestimmung der sprachlichen Norm", **ZPSK** 33:365-370.

Nickel, G. (ed.) (1973) Angewandte **Sprachwissenschaft und Deutschunterricht.** Munchen: Hueber.

**Normen in der sprachlichen Kommunikation** (1977) Berlin: Akademie-Verlag, Reihe Sprache und Gesellschaft, Bd. 11.

Polenz, P. von (1964) "Sprachnormung und Sprachentwicklung im neueren Deutschland", **DU** 16, H. 4:67-91.

Polenz, P. von (1972) "Sprachnorm, Sprachnormung, Sprachnormkritik", **LB** 17:76-84.

Polenz, P. von (1973) "Sprachkritik und Sprachnormenkritik", in Nickel, G.: **Angewandte Sprachwissenschaft und Deutschunterricht**. (pp. 118-167)

Polenz, P. von (1978) **Geschichte der deutschen Sprache**. Berlin: de Gruyter.

Polenz, P. von (1982) "Sozialgeschichtliche Aspekte der neueren deutschen Sprachgeschichte", in Cramer, Th. (ed.) : **Literatur und Sprache im historischen ProzeB**. (pp. 3-18)

Reichmann, O. (1980) "Nationalsprache", **LGL** III:515-519.

Schmidt-Ihms, M. (1976) "Die deutsche Umgangssprache der Hermannsburger Landgemeinden und ihr Verhältnis zur deutschen Hochsprache", **DLV Information** 12/13:5-13.

Schmidt-Ihms, M. (1977) "Spracherwerb und die Sprachprobleme eines deutschstämmigen Kindes in Natal", **DLV Information** 15:7-17.

Schweizer, H. (1982) "Deutsche Sprache unter der Apartheid", **Zeitschrift für Sprachwissenschaft** 1/2:201-241.

Stedje, A. (1979) Deutsch gestern und heute. Lund: Liber Läromedel.

Stielau, H.I. (1980) **Nataler Deutsch**. Wiesbaden: Steiner. **Deutsche Sprache in Europa und Übersee** 7.

Weinrich, H. (1982) "Der richtige und der gute Sprachgebrauch", in Mogge, B., & I. Radtke, (eds.) : **Der öffentliche Sprachgebrauch** III. (pp. 7-14)